

Handelinge 2

Handelinge 2:1-13

1 En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. 2 En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. 3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. 4 En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

5 En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. 6 En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; 7 en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? 8 En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? 9 Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotámië, Judéa en Kappadócië, Pontus en Asië, 10 Frigië en Pamfilië, Egipte en die streke van Líbië by Ciréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, 11 Kretense en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek.

12 En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees?

13 Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn.

1. Handelinge 2:1-13 – Die gebeure op pinksterdag

1.1 Handelinge 2:1-4 – Die uitstorting van die Heilige Gees

1 En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. 2 En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. 3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. 4 En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

1.1.1 Vrae by Handelinge 2:1-4

1. Wie is aan die woord? (vers 1 tot 4)

2. Met wie word gepraat? (vers 1 tot 4)
3. Waar vind hierdie gebeure plaas? (vers 1 tot 4)
4. Wanneer vind hierdie gebeure plaas? (vers 1)
5. Was die dag voorheen 'n besondere dag? (vers 1)
6. Wie was almal bymekaar? (vers 1)
7. Wat het hulle bymekaar gedoen? (vers 1)

In hierdie verse is dit steeds **Lukas** wat aan die woord is. Hy gaan verder om vir **Theofilus** te vertel wat gebeur het na die hemelvaart van Jesus.

Hierdie gebeure vind steeds in **Jerusalem** plaas. Die apostels het gehoorsaam aan Jesus in Jerusalem bly wag op die belofte wat die Vader gegee het. Hulle wag steeds op die koms van die Heilige Gees. Oor die spesifieke plek in Jerusalem waar die gelowiges bymekaar was, sê Lukas niks nie. Die enigste aanduiding wat gegee word, is dat hulle in 'n huis was (vgl. Hand 2:2). Dit is moontlik dat hulle in dieselfde bovertrek was waar hulle bymekaar was toe Matthias as die twaalfde apostels aangewys is (Hand 1:13).

Dit is nou die tiende dag na die hemelvaart van Jesus. Dit is **pinksterdag**. Jesus het nie gesê hoe lank die apostels in Jerusalem moet bly en wag op die belofte van die Vader nie. Hulle kon verwag het dat dit nog op dieselfde dag sou gebeur het wat Jesus opgeneem is in die hemel. Hulle kon gedink het dat dit na drie of selfs sewe dae sou gebeur, aangesien die getalle drie en sewe van besondere belang is in die openbaringsgeskiedenis. Maar hulle moes uiteindelik 'n volle tien dae wag totdat die pinksterdag aangebreek het.

Vir die Jode was hierdie **'n besondere dag**. Die vyftigste dag na pasga is die fees van die oes gevier (Eks 23:16). Op hierdie dag is die eersteling van die oes – die eerste deel van die koringoes – aan die Here as offer gebring, daarom staan die dag ook bekend as die dag van die eersteling (Num 28:26).

In die Joodse tradisie word pinksterdag ook beskou as die dag waarop die Wet aan Israel gegee is (vgl. Eks 19:1). Daarom het die Jode pinksterdag ook soms die

Vreugde van die Wet genoem.

Anders as in die Joodse tradisie en geskiedenis waar die gelowiges aan die Here 'n offer van die eersteling aan die Here bring, gee die Here nou aan sy kerk die Heilige Gees. In Efesiërs 1:14 word die Heilige Gees ook die waarborg of onderpand genoem. In ekonomiese taal sal 'n mens kan sê dat die Heilige Gees die deposito is van alles wat God en Christus nog aan sy kerk wil gee. Die kerk ontvang dus van die Here die eerste deel van die vrug van Christus se verlossingswerk – die Heilige Gees. Dit is ook die Heilige Gees wat die wet van die Here in die hart van die gelowiges indra kragtens die Here se belofte in Esegïel 36:27.

'n Mens kan jousef maar net voorstel hoe die gelowiges se vertrouwe in die Here en hulle geduld met mekaar in hierdie tien dae getoets is. Hulle het geweet die belofte van die koms van die Heilige Gees gaan in hierdie dae bewaarheid word. Maar wanneer presies dit sal gebeur, het hulle nie geweet nie. Tog het hulle bymekaar gebly.

Lukas sê slegs dat **hulle bymekaar was**, maar hy spesifiseer nie wie **hulle** is nie. Uit die konteks van die hoofstuk kan ons aflei dat die twaalf apostels saam met al die ander gelowiges – in totaal was hulle honderd en twintig – in hierdie stadium bymekaar was (vgl. Hand 1:13, 26 en 15).

Dit is opmerklik dat Lukas skryf dat **hulle eendragtig bymekaar** was volgens die 53-vertaling. Direk vertaal staan daar geskryf dat *hulle almal op een plek bymekaar was*. Hulle het almal saam gewag op die koms van die Heilige Gees. 'n Mens kan ook aanvaar dat hulle almal saam biddend gewag het op die belofte. Gelowiges roep die Here aan in gebed op grond van die beloftes wat Hy maak. Dit beteken nie dat 'n mens die Here herinner aan sy beloftes nie. Dit is eerder 'n teken dat 'n mens die Here glo en dat 'n mens graag die belofte wat Hy gemaak het sal wil ontvang.

- | |
|--|
| <p>8. Wat het die gelowiges gehoor? (vers 2)</p> <p>9. Waarvandaan het die geluid gekom (vers 2)</p> |
|--|

10. Watter verband is daar tussen die Heilige Gees en die geluid wat gehoor is?

(vers 2)

11. Waar was die geluid orals wat hulle gehoor het (vers 2)

Die gelowiges wat in die huis bymekaar was op pinksterdag **het 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind gehoor**. Dit was nie 'n wind wat hulle gevoel het nie, maar die geluid soos wanneer 'n baie sterk wind waai wat hulle gehoor het. Hierdie geluid het skielik uit die hemel gekom.

Die gelowiges was nog op die een plek in die huis bymekaar waarskynlik besig om te bid. En die volgende oomblik, sonder enige aanduiding van watter aard ook al, hoor hulle die geluid **uit die hemel** kom van waar Jesus tans is. Die geluid het kompleet geklink soos die geluid van 'n baie sterk wind wat waai. Tog het niks beweeg nie en hulle het niks teen hulle gevoel nie.

Deur die profeet Esegïel se woorde het die Here al in die Ou Testament die verband tussen wind en die Heilige Gees gemaak (vgl. Eseg 37:9-14). In sy gesprek met Nikodemus het Jesus self die verband tussen die geluid van die wind en die Heilige Gees gelê. Jesus het vir Nikodemus gesê: **Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is** (Johannes 3:8 AFR53).

Met daardie woorde het Jesus aangedui dat die Heilige Gees nie gekeer of beheer kan word nie, net soos wat 'n mens nie 'n wind kan keer of beheer nie. In die Grieks sowel as in Hebreeus is die woord wat vertaal word met *wind* of *gees* dieselfde Griekse of Hebreeuse woord.

Toe die gelowiges wat hulleself in die Woord van die Here verdiep het en gebid het dat die belofte waar moet word en die geluid uit die hemel hoor, sou hulle beslis geweet het dat dit die Heilige Gees is wat vanuit die hemel op hulle uitgestort word. Jesus doen wat Hy belowe het.

Die geluid het die **hele huis gevul**. Daar was nie een plek in die huis waar die

geluid nie gehoor is nie. Almal wat in die huis teenwoordig was, het dit duidelik gehoor. Hierdie geluid soos van 'n geweldige wind wat waai is ook in die strate rondom die huis in Jerusalem gehoor, soos verneem word in vers 6 hieronder.

12. Wat het die gelowiges gesien? (vers 3)

13. Watter verband is daar tussen vuur en die Heilige Gees? (vers 3)

14. Wat kan ons aflei aangaande die Heilige Gees uit die verdeling van die tonge soos van vuur? (vers 3)

Naas die geluid soos van 'n sterk wind wat waai wat deur die gelowiges gehoor is, het hulle ook **tonge soos van vuur** gesien wat verskyn. Soos met die wind, so is dit ook met die tonge. Dit was nie regte vuur nie, maar die verskynsel wat gesien is, het net soos tonge van vuur gelyk.

Hierdie tonge soos van vuur het hulleself verdeel en bokant elkeen van die gelowiges wat daar in die huis was, is so 'n tong soos van vuur gesien. Hierdie tonge soos van vuur het bokant elkeen van die gelowiges gebly – dit het bokant elkeen van hulle tot stilstand gekom.

Uit die openbaringsgeskiedenis het dit al duidelik geword dat vuur ook soms deur die Here gebruik is om sy teenwoordigheid sigbaar te maak (vgl. Gen 15:17; Eks 3:2-6; 13:21-22; 19:18). Johannes die Doper het ook getuig dat Jesus die mense met die Heilige Gees en met vuur sal doop (Matt 3:11). Die verband tussen **vuur en die Heilige Gees** is dus weer in Christus gelê. Verder maak die Here dit hier duidelik dat die Heilige Gees inderdaad God is aangesien God se teenwoordigheid in die verlede al deur middel van vuur getoon is.

Die tonge soos van vuur het hulleself verdeel en op elkeen van die gelowiges gekom. Uit die beskrywing kan daar nie afgelei word dat die tonge kleiner geword het soos wat hulle verdeel het nie. Die **afleiding** wat hieruit gemaak word, is dat die Heilige Gees Homself in al die gelowiges vestig. Hy vervul hulle met Homself, maar Hy word nooit minder soos wat Hy Homself in die verskillende gelowiges vestig nie. Hy bly altyd dieselfde volheid.

15. Is hierdie gelowiges gedoop met die Heilige Gees? (vers 4)
16. Kan 'n gelowige oor en oor vervul word met die Heilige Gees? (vers 4)
17. Wat was die gevolg vir hierdie gelowiges toe hulle vervul is met die Heilige Gees? (vers 4)
18. Kan daar so 'n gevolg vandag nog verwag word? (vers 4)

Op pinksterdag is die profesie van Johannes die Doper vervul. Jesus Christus het die gelowiges wat daar bymekaar was in Jerusalem met die **Heilige Gees gedoop**. Dit het gebeur nadat hulle reeds in Jesus Christus geglo het as hulle Verlosser. By 'n latere geleentheid blyk dit dat wanneer mense tot geloof kom in Jesus Christus hulle tegelykertyd met die Heilige Gees gedoop word (vgl. Hand 10:34-48).

Uit die verdere openbaring in die Nuwe Testament blyk dit dat die doop met die Heilige Gees en tot geloof kom in Jesus Christus op dieselfde oomblik plaasvind. Hierdie gebeure in Handeling 2 was uitsonderlik, aangesien dit die vervulling is van die belofte van die Vader waarvan Jesus gespreek het (Hand 1:4-5). Die Here wil dit op 'n besondere hoorbare en sigbare manier doen.

Lukas gebruik hier slegs die woord **vervul**. In hierdie sin beteken dit dat die Heilige Gees nie net intrek neem in die gelowige nie, maar dat Hy ook beheer neem in die lewe van die gelowige, soos wat dit duidelik word uit die gevolg van die vervulling met die Heilige Gees.

Uit wat verder in die openbaring in die Nuwe Testament duidelik word, blyk dit dat die gelowige slegs een maal gedoop word met die Heilige Gees, maar dat hy oor en oor vervul word met die Heilige Gees. Aan die Efesiërs gee Paulus die opdrag om met die Heilige Gees vervul te word (Efes 5:18). Daarmee word bedoel dat die gelowige homself hoe langer hoe meer aan die leiding en heerskappy van die Heilige Gees moet onderwerp. Die Heilige Gees moet altyd meer en meer beheer kry in die lewe van 'n gelowige. Gelowiges word nêrens in die Nuwe Testament opgeroep om met die Heilige Gees gedoop te word nie, want dit is die werk wat Jesus alleen doen.

Die onmiddellike gevolg van die vervulling met die Heilige Gees vir hierdie honderd en twintig gelowiges in Jerusalem was dat **hulle in ander tale begin praat het**. Uit die res van die gedeelte (Hand 2:8-11) word dit duidelik dat dit ander tale bestaande tale is wat in daardie tyd in verskeie wêrelddele gepraat is. Dit was dus verstaanbare tale en nie 'n gebrabbel nie. Dit kom ook voor dat dit tale is wat hierdie gelowige nog nooit voorheen gepraat of aangeleer het nie. Hulle het die tale gepraat soos die Gees dit aan hulle gegee het om te praat.

Of 'n mens vandag steeds **so 'n gevolg moet of kan verwag** wanneer iemand met die Heilige Gees gedoop word, sal 'n mens moet sê nee. Hierdie was 'n uitsonderlike geleentheid. Jesus Christus het die belofte van die Vader vervul soos Hy belowe het. Op hierdie spesifieke pinksterdag het Hy die Heilige Gees uitgestort, want die apostels en ander gelowiges moet getuies van Jesus wees aan elke ander mens.

In daardie stadium was daar Jode uit elke nasie wat onder die hemel is. Mense met verskillende tale en hulle moes self hoor die groot daade wat God doen. Daar is nog twee ander geleenthede waar mense met die Heilige Gees gedoop is toe hulle gelowig geword het en hulle het ook in tale gepraat. Hierdie twee latere geleenthede sê nog nie dat 'n mens nog so 'n gevolg vandag kan verwag nie. By elkeen van hierdie drie geleenthede was daar Jode teenwoordig. Van nature het die Jode na tekens gesoek ter bevestiging dat die Here werklik aan die werk is. Die tale wat in al drie geleenthede gespreek is, is die teken waarmee die Here die Jode oortuig het van sy werk. Sien die vergelykende tabel hieronder:

Geleenthede van spreek in tale				
Skrifgedeelte	Sprekers	Hoorders	Verhouding tot bekering	Doel
2:1-4	Joodse gelowiges	Onbekeerde Jode en Christene	Gebeur na hulle bekering	Bekragtiging vir Jode van God se werk volgens die profesie van Joël
10:44-47	Heidense gelowiges	Joodse gelowiges wat getwyfel het oor God se plan	Gebeur dadelik na bekering	Bekragtiging vir Jode van God se werk onder die heidene net soos wat Hy onder die Jode werk
19:1-7	Gelowiges	Jode wat bevestiging nodig gehad het oor	Gebeur dadelik na bekering	Bekragtiging vir Jode van Paulus se verkondiging

		Paulus se boodskap		van die evangelie
--	--	--------------------	--	-------------------

1.1.2 Samevatting

Lukas het die begin van Jesus se aardse bediening ingelei met sy doop met die Heilige Gees (Luk 3:21-22). Die begin van Jesus se hemelse bediening word nou ingelei met die dissipels se doop met die Heilige Gees (Hand 2:1-4). Dieselfde Heilige Gees wat in Jesus teenwoordig was en Hom na sy mensheid bekragtig het vir sy aardse bediening is nou in die dissipels teenwoordig en bekragtig hulle vir hulle bediening.

Johannes die Doper het van die doop met die Heilige Gees geprofeteer (Matt 3:11; Luk 3:16). Jesus het sy dissipels belowe dat hulle met die Heilige Gees gedoop sal word (Hand 1:8). Dit is Jesus self wat die gelowiges met die Heilige Gees doop. Die Heilige Gees kom en neem sy intrek in die gelowiges. Hy vervul hulle met Homself.

Toe Jesus die gelowiges met die Heilige Gees gedoop het, was daar drie bepaalde tekens. Die eerste twee tekens is 'n duidelike aanduiding van die koms van die Heilige Gees – die geluid soos van 'n baie sterk wind wat waai – en die feit dat die Heilige Gees self ook God is – die tonge soos van vuur. Die derde teken – die spreek in tale soos wat die Heilige Gees dit gegee het – het veral te doen met die opdrag van die gelowiges. Hulle moet getuies van Jesus wees.

1.2 Handeling 2:5-13 – Die gevolge van die uitstorting van die Heilige Gees

5 En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. 6 En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; 7 en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? 8 En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? 9 Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotamië, Judéa en Kappadocië, Pontus en Asië, 10 Frigië en Pamfilië, Egipte en die streke van Libië by Siréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, 11 Kretense en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dae van God spreek.

12 En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees?

13 Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn.

1.2.1 Vrae by Handeling 1:5-13

1. Wie is hier aan die woord? (vers 5-13)
2. Met wie word daar gepraat? (vers 5-13)
3. Hoekom was daar op hierdie dag Jode uit elke nasie in Jerusalem? (vers 5)
4. Wat bedoel Lukas met die begrip *godsdiensstige manne*? (vers 5)

In hierdie verse is dit **Lukas** wat aan **Theofilus** verder vertel wat gebeur het op Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is. In hierdie deel van die vertelling gaan dit veral oor die gevolg van die uitstorting van die Heilige Gees.

In sy vertelling haal Lukas ook die woorde aan van **die mense wat die geluid soos van 'n geweldige wind gehoor het**. Hierdie mense vra **onder mekaar** wat aan die gang is. Buiten die geluid soos van 'n geweldige wind wat hulle gehoor het, het hulle ook gehoor hoe daar in hulle moedertaal gepraat word. Daar was egter ook **ander mense** op straat wat ook gehoor het hoe die dissipels in verskillende tale praat en gehoor het toe die mense in die straat gevra het wat aan die gang is. Hierdie ander mense het op 'n spottende wyse **diegene wat die vraag gestel het** geantwoord.

Aangesien dit pinkster was en vir die Jode 'n groot feestyd was, was daar **Jode uit elke nasie** in Jerusalem. Sedert die ballingskap van die noordelike ryk – Israel – in 722 vC en die ballingskap van die suidelike ryk – Juda – in 586 vC het daar baie Jode in die verstrooiing gewoon. Die bekende begrip wat gebruik word vir die Jode wat nie in die beloofde land gewoon het nie, is *Diaspora*. Alhoewel hulle ver van Jerusalem af gewoon het, het hierdie Jode nooit hulle verbintenis met Jerusalem en die tempel vergeet nie en was daar altyd by hulle die verlange om na die beloofde land terug te keer.

Die Here se voorskrif aan die Jode was dat al die manspersone van die volk tydens die drie groot feeste – die fees van die weke, die fees van die eersteling en die fees

van die insameling – voor die aangesig van die Here moet verskyn (Eks 34:22-23). Jode wat sover as dertig kilometer van Jerusalem af gewoon het, was verplig om die feeste in Jerusalem by te woon. Aangesien pinkster aan die einde van die lente en begin van die somer was, was die toestand gunstiger om ver te reis ook vir die Jode wat verder as dertig kilometer van Jerusalem af gewoon het. Dit is om hierdie redes dat daar so baie Jode uit die verskillende nasies op hierdie dag in Jerusalem was.

Die begrip **godsdiensstige manne** verwys na mense wat eerbied en ontsag vir die Here het. Hulle was Godvresende mense. Daarom het hulle graag na Jerusalem toe gekom vir die groot feeste om die Here te aanbid. Dit wil sê, dit is mense wat ag slaan op die Woord van die Here en tot 'n groot mate ook daarin onderlê is.

5. Na watter geluid word hier verwys? (vers 6)
6. Waarom het die menigte saamgedrom? (vers 6)
7. Waaroor was die menigte in die war? (vers 6)

Uit die konteks blyk dit dat die **geluid** wat gekom het, verwys na die geluid soos van 'n geweldige rukwind. Hierdie geluid het nie net die hele huis gevul waarin die dissipels bymekaar was nie. Die geluid is selfs in die strate gehoor.

Dit is hierdie geluid wat veroorsaak het dat die **menigte saamgedrom het**. Dit was 'n geluid wat skielik gehoor is vanuit die hemel. Aangesien dit 'n geluid is wat vanuit die hemel gekom het, lyk dit verantwoordelik om te sê dat die mense saamgedrom het en opgekyk het om te sien of hulle die oorsaak van die geluid kon vasstel.

Na alle waarskynlikheid – na aanleiding van die vertelling in verse 2 tot 4 – het die geluid soos van 'n geweldige rukwind nie lank geduur nie. Die menigte drom nog saam om die oorsprong van die geluid vas te stel en toe hoor hulle mense in 'n bovertrek praat in die luisteraars se eie taal. Die menigte in die straat verwag om iets groot teë te kom wat die geluid kon veroorsaak het, maar toe hoor hulle mense in hulle eie taal praat. Dit het veroorsaak dat die menigte **in die war** was. Hulle kon nie die kloutjie by die oor kry nie. Daar is dan niks groots wat die geluid kon

veroorzaak het nie, maar hulle hoor mense in hulle eie taal praat sodat die menigte kon verstaan wat gesê word.

8. Waaroor was die menigte verbaas en verwonderd? (vers 7)
9. Hoe het die menigte geweet dat die mense wat praat almal Galileërs was? (vers 7)

Die menigte was **verbaas en verwonderd** omdat dit wat hulle gesien het en dit wat hulle gehoor het nie behoorlik met mekaar klop nie. Hulle oë sien Galileërs terwyl hulle ore hulle eie taal hoor.

Dit was waarskynlik aan die eienaardige uitspraak van woorde wat die menigte die gelowiges **as Galileërs geïdentifiseer** het. Tydens Jesus se verhoor is Petrus in die binneplaas van die hoëpriester se huis onder andere aan sy spraak herken as 'n Galileër (Matt 26:73; Mark 14:70). Longenecker – 'n kommentator wat wyd aangehaal word – het opgemerk dat die Galileërs dit moeilik gevind het om keelklanke uit te spreek en hulle het die gewoonte gehad om die lettergrepe in te sluk wanneer hulle praat. Daarom is daar op hulle neergekyk deur die mense van Jerusalem. In die oë van die mense in Jerusalem was hulle plattelands en ongekultiveerd.

Aangesien Grieks die wêreldtaal was in hierdie stadium sou dit vreemd voorkom dat mense verskillende tale sou praat. Indien iemand nie Aramees – die spreektaal in Jerusalem – kon praat nie, sou hy oorgeslaan het na Grieks. Daarom was die praat van ander tale nie 'n noodsaaklikheid nie.

Die menigte was dus verbaas en verwonderd omdat Galileërs soveel verskillende tale kan praat terwyl hulle dit nie aangeleer het nie.

10. Wat word bedoel met *in ons eie taal waarin ons gebore is*? (vers 8)
11. Van waar oral was die mense wat hulle eie taal gehoor het? (vers 9-11)
12. Was dit net Jode uit die verskillende dele wat die verskillende tale gehoor het? (vers 9-11)
13. Wat is *Jodegenote*? (vers 10)

14. Waaroor het die gelowiges in die verskillende tale gepraat? (vers 11)

15. Hoe staan hierdie gebeure in verband met die gebeure by Babel in Genesis 11?

Lukas skryf in vers 5 dat daar Jode in Jerusalem gewoon het uit elke nasie wat onder die hemel is. Uit die geskiedenis weet ons dat daar Jode was wat nie na die ballingskap na Assirië en Babilonië na die beloofde land teruggekeer het nie. Uit laasgenoemde ballingskap is Ester en Nehemia van die bekende Jode wat in die land van die vreemdelingskap bly woon het. Wanneer die menigte dan sê **in ons eie taal waarin ons gebore is** bedoel hulle daardie taal waarin hulle groot geword het in die verskillende wêrelddele. Hulle het daardie lande waarin hulle gebore is se taal as hulle moedertaal beskou.

Die mense wat die gelowiges in hulle moedertale hoor praat het, was grotendeels afkomstig uit die Romeinse Ryk van destyds. Die eerste vier gebiede wat genoem word – Parthers, Meders, Elamiete en Mesopotamië, was egter nie deel van die Romeinse Ryk nie. Hierdie gebiede was noord en oos van Palestina en beslaan die wêrelddele waarheen Israel en Juda in ballingskap weggevoer is. Judea word genoem as die provinsie Judea in die Romeinse Ryk wat ook Sirië noord van Palestina ingesluit het. Die volgende vyf gebiede val almal in Klein Asië wat vandag as Turkye bekend staan. Kappadocië is in die suidooste, Pontus in die noordooste, Asië aan die westelike kus, Frigië is net oos van Asië geleë en Pamfilië is aan die suidelike kus. Dan word twee gebiede uit Afrika genoem, naamlik Egipte en Libië. Daar was ook Romeine wat in Jerusalem gewoon het aangesien Jerusalem deel van die Romeinse Ryk was. Laastens word die Kretense en Arabiere genoem. Die Kretense was van die eiland Kreta in die Middellandse See afkomstig. Arabië is suidoos van Palestina geleë en was ook nie deel van die Romeinse Ryk nie. Die skare mense wat dus saamgestroom in die straat was dus almal afkomstig **uit die destyds bekende wêreld** waar elkeen sy eie taal gepraat het.

Uit die lys wat Lukas noem, blyk dit dat dit nie net Jode uit die verskillende wêreld dele was wat die verskillende tale gehoor het nie. Parthers, Meders en Elamiete is eerder volksgroepe as wat dit net na die inwoners – wat Jode ook kon wees – verwys. So ook die Romeine en Arabiere. Hulle was volksgroepe. Dit is dus **nie**

net Jode wat uit die verskillende dele saamgestroom het nie.

Die woord wat ons met **Jodegenote** vertaal kan ook met proseliete vertaal word. Proseliete is heidene wat die Joodse geloof aangeneem het en is dus tot 'n groot mate ook as Jode beskou.

Die gelowiges het oor **die groot dade van God** in die verskillende tale gepraat. Die groot dade van God trek saam in Jesus Christus. Dit handel dus oor die genade wat God in Jesus Christus aan die wêreld betoon het deurdat Hy sy Seun gestuur het om die straf op die sonde in mense se plek te dra sodat hulle vrygespreek kan word van die oordeel oor die sonde.

By **Babel** het God die tale van die mense verwar sodat hulle mekaar nie kon verstaan nie omdat hulle in hul een taal hulleself teen God verset het. Tydens Pinkster het die Here die verdeeldheid wat die verskillende tale veroorsaak het uit die weggeruim. Hy wil hê dat mense Hom as God sal erken en aanbid. Daarom word die groot dade van God en nie die groot dade van mense in die verskillende tale bekend gemaak.

16. Wat was die mense in die straat se reaksie op hierdie gebeure? (vers 12 en 13)

Baie van die mense wat op die straat saamgestroom het was heeltemal uit die veld geslaan oor wat hulle hoor en sien. Hier is klomp Jode en die meeste van hulle is van Galilea afkomstig – dit hoor 'n mens aan hulle uitspraak van woorde. En tog praat hulle in verskillende tale – tale waarin die skare uit die verskillende dele van die wêreld groot geword. En wat nog meer is, hulle praat oor die groot dade van God. Hulle praat oor dinge wat mense al vir lank oor gewonder het – oor die Messias en wat Hy hier op die aarde kom doen het.

Maar dit is nie hoe almal deur die bank oor die gebeure gevoel het nie. Daar was ook ander mense wat met die gelowiges die spot gedryf het. Hierdie mense het ook in hulle eie taal gehoor van die groot dade van God. Hulle spot egter en sê dat die gelowiges vol soet wyn is. Hulle is dronk daarom gaan hulle so te kere.

1.2.2 Samevatting

Lukas vertel aan Theofilus watter reaksie die uitstorting van die Heilige Gees op die gelowiges tot gevolg gehad het in die strate van Jerusalem. Die geluid soos van 'n geweldige rukwind het gemaak dat mense gesoek het na die oorsaak van die geluid. Maar toe hulle kom op die plek vanwaar hulle die geluid uit die hemel gehoor het, hoor hulle 'n klomp Jode wat in die verskillende tale van die bekende wêreld praat. En hulle praat oor die groot dade van God sodat die mense op straat dit kon verstaan. Baie was verbaas oor wat hulle sien en hoor. Maar daar was ook die mense wat met die gelowiges gespot het.

Met hierdie gebeure het die Here self die skeiding wat Hy by Babel tussen tale en volke gebring het oorbrug. Mense oor die hele wêreld moenie verenig wees rondom hulle sondige idees nie. Die Here verenig mense oor die wêreld rondom die Woord en uiteindelik in die geloof in Jesus Christus. Met hierdie gebeure maak die Here ook duidelik dat die evangelie van Jesus Christus nie net vir die Jode of Jodegenote bedoel is nie, maar vir elke volk, taal, nasie en stam. In die strate van Jerusalem was daar ook Romeine en Arabiere wat in hulle eie taal gehoor het van die groot dade van God. So stilweg het die Here weer eens beklemtoon dat sy oog nie net in guns gerig is tot die nageslag van Abraham nie, maar dat Hy die hele wêreld liefhet en daarom sy Seun na die wêreld gestuur het sodat mense in Hom kan glo.

The Near East in the first century AD



Handelinge 2:14-36

14 Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegespreek: Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde. 15 Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar die derde uur in die môre.

16 Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: 17 En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.

18 En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. 19 En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp. 20 Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. 21 En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

22 Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet – 23 Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; 24 Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word. 25 Want Dawid sê van Hom: Ek het die Here altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand, dat Ek nie sou wankel nie. 26 Daarom is my hart bly en my tong juig, ja, ook sal my vlees nog rus in hoop. 27 Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie. 28 U het My die weë van die lewe bekend gemaak, U sal My vervul met vreugde by u aangesig.

29 Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe. 30 Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit, 31 het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie. 32 Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is. 33 Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor. 34 Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here

het gesprek tot my Here: Sit aan my regterhand 35 totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.

36 Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.

2. Handeling 2:14-36 – Petrus se preek op pinksterdag

2.1 Handeling 2:14-15 – Inleiding tot die preek

14 Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegesprek: Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde. **15** Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar die derde uur in die môre.

2.1.1 Vrae by Handeling 2:14-15

1. Wie is hier (vers 14-41) aan die woord?
2. Met wie word hier (vers 14-41) gepraat?
3. Hoekom het Petrus opgestaan en gepraat? (vers 14)
4. Hoekom het die elf saam met Petrus opgestaan? (vers 14)
5. Hoekom moes Petrus sy stem verhef toe hy gepraat het? (vers 14)

Lukas vertel hoe Petrus die oggend op Pinksterdag die Woord van die Here aan die mense wat in die strate saamgestroom het, verkondig het. Wanneer **Petrus** verkondig, spreek hy die **Jode** wat in Jerusalem woon en **almal** wat in Jerusalem is toe – die mense wat daar rondom hulle vergader het. **Theofilus** is die eerste ontvanger van hierdie vertelling van Lukas. Lukas vertel egter dat die verkondiging van Petrus reaksie by die mense uitgelok het. Na afloop van Petrus se prediking het die skare mense vir die apostels gevra wat hulle moet doen. In antwoord op die skare se vraag neem Petrus weer die voortou in die antwoord van hulle vraag.

Tydens die samekoms van die gelowiges toe Matthias in die plek van Judas as apostels verkies is (Hand 1:15-26) het **Petrus** ook die leiding geneem. Dit blyk dat die apostels en al die ander gelowiges die leiereienskappe wat die Here aan Petrus gegee het, erken. En soos vroeër opgemerk het die ander apostels en die

gelowiges onvoorwaardelik aanvaar dat Jesus vir Petrus in sy amp as apostel herstel het.

Die **elf** het saam met Petrus opgestaan, aangesien Jesus aan hulle in besonder die opdrag gegee het om getuies van Hom te wees (Hand 1:8). Omdat hulle so pas die Heilige Gees ontvang het, het Hy aan hulle duidelik gemaak dat nou die geleentheid is om die opdrag van Jesus te begin uitvoer in Jerusalem. Dit was egter nie net die innerlike oortuiging van die Heilige Gees wat die elf saam met Petrus laat opstaan het nie. Die Heilige Gees het hulle ook oortuig deur die wonder toe hulle in allerhande verskillende tale van die groot dae van God vertel het en die samedromming van die skare mense wat wou weet wat nou aan die gang is.

Petrus het sy stem **verhef** omdat daar 'n groot skare mense by hulle vergader het. Ons verneem later dat drie duisend mense uit die skare op daardie dag tot bekering en geloof in Jesus Christus gekom het (Hand 2:41). Daarby kan 'n mens aanneem dat die gelowiges tot in daardie stadium nog in die verskillende tale van die groot dae van God vertel het en die skare het onder mekaar gevra wat aan die gang is. Met al die mense wat so aan die praat was, sou dit 'n gedruis van stemme wees. Maar die vrae en opmerkings uit die skare (vgl. Hand 2:12, 13) het die apostels genoop om orde en stilte te kry, sodat daar aan hulle verkondig kan word wat werklik aan die gang is.

6. Wie is die *Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon*? (vers 14)

7. Wat *moet* hierdie mense *weet*? (vers 14)

Petrus spreek die skare aan as **Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon**. Onder Joodse manne word ook die vroue ingesluit. Hulle is die Jode wat in Jerusalem gewoon het en nou daar saam vergader was. Daar was ook Jode uit ander dele van die wêreld van destyds sowel as mense uit ander volke wat die Joodse geloof aangeneem het – proseliete. Die **almal** in Petrus se woorde verwys dan na hierdie mense uit ander volke wat die Joodse geloof aangeneem het, soos die Parthers, Meders, Elamiete, Kretense en Arabiere.

Uit die skare het die vraag gekom: **Wat kan dit tog wees?** Hulle het nie begryp hoe dit moontlik is dat hulle 'n geluid vanuit die hemel gehoor het, maar toe hulle naderkom om ondersoek in te stel, kry hulle mense hoofsaaklik uit Galilea wat in allerhande verskillende tale van die groot dade van God vertel. Daar was egter ook ander mense in die skare wat die spot gedryf het met die gelowiges en gesê het: **Hulle is vol soetwyn.**

Wanneer Petrus dan sê dat **hulle moet weet** en nog hulle aandag vra dat hulle mooi moet luister na sy woorde begin hy eers om die optrede van die gelowiges te verdedig. In vers 15 maak Petrus dit duidelik dat die mense nie dronk is nie en hy gee ook die rede daarvoor. En dan gaan Petrus voort met die verdedig deur te vertel wat werklik hier aan die gang is (Hand 2:16-21). Terselfdertyd beantwoord hy die vraag wat vanuit die skare gekom het (Hand 2:12).

8. Wie is *hierdie mense wat nie dronk is nie?* (vers 15)
9. Hoekom is dit nodig dat Petrus moet sê dat hierdie mense nie dronk is nie? (vers 15)
10. Hoekom het die mense gedink dat hulle dronk is? (vers 15)
11. Wat is die rede hoekom hierdie mense nie dronk is nie? (vers 15)

Hierdie mense van wie Petrus sê dat hulle **nie dronk is nie** is die honderd en twintig gelowige na wie hy verwys. Omdat hulle in verskillende tale praat of gepraat het soos wat die Heilige Gees dit aan hulle gegee het, het sommige uit die skare spottend die opmerking gemaak dat hulle vol soetwyn is. Soetwyn – dit is die presiese woord in die Grieks – het 'n hoër alkohol inhoud as ander wyne gehad. En die mense het normaalweg die gewone wyn met water verdun wanneer hulle dit gedrink het.

Die mense wat spottend die opmerking gemaak het dat die gelowiges dronk is van soetwyn het egter nie maar net 'n grap gemaak nie. **Gelei deur die Heilige Gees het Petrus ingesien dat so 'n opmerking die verkeerde indruk kan skep indien dit nie reggestel word nie.** Die gevolge van die Heilige Gees se werking binne in 'n mens kan en mag nie met dronkenskap vergelyk word nie. Die gevolge van die Heilige Gees se werk en die gevolge van die mens se sondige geaardheid kan tog

nie dieselfde lyk nie. Dit kan tog nie wees dat 'n mens beheer oor jou tong en optrede verloor wanneer die Heilige Gees in jou werksaam is nie, want die vrug van die Gees sluit juis selfbeheersing in. Na alle waarskynlik was dit Jode wat nie die ander tale kon verstaan nie wat hierdie spottende opmerking gemaak het.

Petrus gee nie 'n uitgebreide morele les oor hoekom die gelowiges nie dronk kan wees nie. Hy gee 'n **eenvoudige rede – want dit is nog maar die derde uur in die môre**. Dit wil sê, dit was maar nege uur die oggend en hierdie rede was genoegsaam vir die Jode. Volgens een verklaring het Jode wat nougeset volgens die voorskrifte van die Here geleef het wyn gedrink net wanneer hulle vleis geëet het. En kragtens Eksodus 16:8 het die nougesette Jood net in aand vleis geëet. 'n Ander verklaring is dat Jode eers na nege in die oggend geëet en gedrink het aangesien nege uur 'n gebedstyd is. Hulle het dan eers hulle verantwoordelikheid teenoor God gedoen voordat hulle by eet en drink gekom het.

2.1.2 Samevatting

Op grond van die vrae wat die skare gevra het oor wat hulle sien en hoor sowel as gevolg van die gespot van sommige Jode, het Petrus opgestaan saam met die ander elf apostels. Die Heilige Gees het aan die apostels duidelik gewys dat nou die geleentheid is om openlik getuienis te gee van Jesus Christus.

Oor al die gedruis onder die mense het Petrus sy stem verhef en eers die optrede van die gelowiges verdedig. Daar moet geen misverstand wees oor wat hier aan die gebeur is nie. Daarom het Petrus eers duidelik gemaak dat die gelowiges nie dronk is nie. En die eenvoudige rede wat hy gee, was genoegsaam vir die Jode – dit is te vroeg in die oggend om dronk te wees.

2.2 Handeling 2:16-21 – Die aanhaling uit Joël 2 ter verduideliking

16 Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: 17 En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. 18 En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. 19 En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp. 20 Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en

deurlugtige dag van die Here kom. 21 En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

2.2.1 Vrae by Handeling 2:16-21

1. Watter gedeelte van Joël haal Petrus aan? (vers 16)
2. Is Joël dan die enigste profeet wat van die koms van die Heilige Gees geprofeteer het? (vers 16)
3. Hoekom het die Heilige Gees juis Joël hier aangehaal? (vers 16)
4. Bedoel Petrus dat pinksterdag die vervulling is van Joël se profesie? (vers 16)

Petrus gaan voort om aan die mense wat in die straat saamgekom het te verduidelik wat hulle gehoor en gesien het. Om aan hulle duidelik te maak haal Petrus **Joël 2:28-32** aan. Joël is inderdaad **nie die enigste profeet** wat geprofeteer het dat God sy Gees aan individuele gelowiges sal gee nie. Verskeie van die Ou-Testamentiese profete het dit ook verkondig (Jes 32:15; 44:3; Eseg 36:27; 37:14; 39:29; Sag 12:10) sowel as Johannes die Doper het die koms van die Heilige Gees verkondig (Matt 3:11; Mark 1:8; Luk 3:16; Joh 1:33).

Die profesie van Joël is verseker die mees uitgebreide profesie aangaan die koms van die Heilige Gees. Dit is waarskynlik om **hierdie rede** dat die Heilige Gees vir Petrus aan hierdie woorde herinner en hom lei om dit aan te haal. Joël profeteer nie net die koms van die Heilige Gees nie, maar ook die aanloop tot die laaste dag – die groot tekens wat die wederkoms van Jesus Christus sal vooraf gaan. Die koms van die Heilige Gees lei dan ook die laaste dae in. Dit is immers hoe Petrus ook die aanhaling in vers 17 begin: **En in die laaste dae ...**

Petrus gebruik nie die woord **vervul** nie. Dus kan ons nie verklaar dat pinksterdag die vervulling van Joël se profesie is nie. Die mense in die straat het gevra: **Wat kan dit tog wees?** Met hulle vraag wou hulle weet wat die betekenis is van die gelowiges se vertelling van God se groot daad. Hulle wil weet hoe hulle dit moet verstaan.

Na aanleiding van hulle vraag het Petrus begin om te sê **dit moet julle weet** en toe het hy eers gesê hoe hulle die gebeure nie moet verstaan nie (vgl. vers 15). Nou gaan hy voort om te sê wat is nou werklik aan die gebeur: **Maar dit is wat wat deur die profeet Joël gespreek is**. Met ander woorde, wat julle nou sien en hoor is soortgelyk aan wat Joël geprofeteer het.

5. Watter verskille is daar tussen Petrus se aanhaling en dit wat Joël geprofeteer het? (vers 17-21)
6. Wat kan ons uit hierdie verskille aflei? (vers 17-21)

Die volgende **verskille** tussen Petrus se aanhaling en dit wat Joël geprofeteer het kan opgemerk word:

- i. Petrus begin met **En in die laaste dae** terwyl Joël begin met **En daarna**. Joël se tydsaanduiding **daarna** verwys na dit wat na die gebeure van Joel 2:27 sal gebeur. Petrus verstaan dat die koms van die Heilige Gees die laaste dae inlei wat sal uitloop op die wederkoms van Jesus.
- ii. Aan die einde van vers 17 ruil Petrus die volgorde om. Hy sê **en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom**. Joël begin eers by die ou mense: **julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien**.
- iii. Petrus voeg weer 'n keer by dat ook die diensknegte en diensmaagde sal profeteer wanneer hulle die Heilige Gees ontvang. Joël sê net dat die Gees ook op die diensknegte en diensmaagde uitgestort sal word.
- iv. Petrus laat die laaste deel van Joël 2:32 weg en sluit af met die woorde **En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word**. Joël gaan verder en sê **want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die HERE sal roep**.

Die klem val in Petrus se aanhaling op die feit dat mense op wie die Heilige Gees gekom het, profeteer. Hulle vertel vir ander mense van die groot dae van God. En wat op pinksterdag gebeur het is soos wat Joël geprofeteer het. Die Heilige Gees kom op alle mense en nie net op sekere nie. Verder val die klem by Petrus se aanhaling op die universaliteit van pinksterdag. Elkeen wat die Naam van die Here

aanroep, sal gered word. Hierdie redding en uitkoms is nie net vir Jerusalem bedoel nie.

2.2.2 Samevatting

Om aan die mense op straat duidelik te maak wat hulle sien en hoor, haal Petrus die profesie van Joël 2:28-32 aan. Hierdie is een van die mees uitgebreide profesieë aangaande die koms van die Heilige Gees. Petrus sê nie dat pinksterdag die vervulling is van Joël se profesie nie maar dat dit soortgelyk is aan wat Joël geprofeteer het.

Die uitstorting van die Heilige Gees is die bevestiging dat die laaste dae aangebreek het. En wat belangrik is, is dat die uitstorting van die Heilige Gees daartoe lei dat gelowiges profeteer – hulle vertel van die groot dae van God.

Verder beklemtoon Petrus dat die weg na God nou oopgemaak is vir alle mense. Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. In hierdie stadium was dit nog net Jode en heidene wat die Joodse geloof aangeneem het wat Petrus aangehoor het. Of Petrus werklik besef het dat die geloof en Jesus Christus werklik vir alle mense van alle volke bedoel is, is nog nie duidelik nie. Daarvoor sal 'n mens moet wag vir die verdere openbaring in Handeling.

2.3 Handeling 2:22-36 – Petrus verkondig Jesus Christus

22 Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet – **23** Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; **24** Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word. **25** Want Dawid sê van Hom: Ek het die Here altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand, dat Ek nie sou wankel nie. **26** Daarom is my hart bly en my tong juig, ja, ook sal my vlees nog rus in hoop. **27** Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie. **28** U het My die weë van die lewe bekend gemaak, U sal My vervul met vreugde by u aangesig.

29 Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe. 30 Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit, 31 het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie. 32 Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is. 33 Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor. 34 Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand 35 totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.

36 Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.

2.3.1 Vrae by Handeling 2:22-36

1. Hoekom sê Petrus weer vir die skare om *na hierdie woorde te luister?* (vers 22)
2. Hoekom noem Petrus Jesus *die Naserener, 'n man deur God vir julle aangewys?* (vers 22)
3. Waarmee het God Jesus aangewys? (vers 22)
4. Wat bedoel Petrus met *aangewys?* (vers 22)
5. Waar het die kragte, wonders en tekens deur Jesus plaasgevind? (vers 22)

Toe Petrus begin praat het, het hy aan die skare gesê **dit moet julle weet, en luister na my woorde**. Wat die skare moes weet, is dat die Heilige Gees deur Jesus uitgestort is, soos wat die Here deur die eeue heen belowe het. As bewys het Petrus Joël 2:28-32 aangehaal en die skare aangesê om na sy woorde te luister. Nou sê hy weer dat hulle **na hierdie woorde moet luister**. Die skare moet regtig nou aandag gee aan wat Petrus gaan sê. Tot dusver het hy nog net verduidelik wat die skare gesien en gehoor het. Maar die rede waarom die Heilige Gees uitgestort is en die doel hoekom Hy uitgestort is, is nog nie aan hulle bekend nie. Daarom sê Petrus weer dat hulle mooi moet luister.

Wanneer Petrus Jesus Christus aan die skare verkondig, begin hy met die dinge wat hulle reeds van Jesus weet. Jesus was bekend as Jesus van Nasaret. Daarom noem Petrus Hom **die Nasarener**. Oor die algemeen het die mense Jesus net as die leermeester uit Nasaret geken. Vir hulle was Hy 'n doodgewone mens met besondere gawes om te preek. Petrus self beklemtoon ook die menslike natuur van Jesus wanneer hy van Hom praat as **die man deur God vir julle aangewys**.

God het Jesus **aangewys** met kragte, wonders en tekens. Deur die wonders wat Jesus gedoen, het baie mense tot die gevolgtrekking gekom dat Jesus iemand besonders is. Na die eerste vermeerdering van die brood het die mense die gevolgtrekking gemaak dat Jesus die profeet is wat moes kom ooreenkomstig Moses se woorde (Joh 6:14).

Die Jode was mense wat gedurig vir tekens gevra het sodat hulle daardeur oortuig kon raak van iets. Hulle het Jesus gedurig vir 'n teken gevra sodat hulle oortuig kon wees dat Hy wel is wie Hy sê Hy is. Jesus het aan die Jode gesê dat die teken van Jona aan hulle gegee sal word (Luk 11:29-30). Minder as twee maande gelede van hierdie preek van Petrus af is die teken van Jona aan hulle gegee. Jesus was drie dae in die graf en Hy het uit die dood opgestaan (Matt 12:40).

Met die woord **aangewys** bedoel Petrus nie maar net dat God vir Jesus tussen al die ander mense uitgewys het nie. Inderdaad het die kragte en wonders en tekens wat God deur Hom gedoen het, vir Jesus uitgewys as iemand heeltemal anders as wat die leermeesters van daardie tyd was. Maar met die woord **aangewys** word ook duidelik gemaak dat God met die kragte en wonders en tekens as bewyse Jesus aangewys het as Jesus die Christus. Die kragte en wonders en tekens was dus middels waarmee God sy Seun aan die mense bekend gestel – Hy is Jesus die Christus, die Seun van God en die Verlosser van mense.

Jesus het hierdie wonders en tekens tussen die mense gedoen. Waar die Jode teenwoordig was daar het Jesus die wonders en tekens gedoen – en baie van die wat nou voor Petrus staan het dit ook gesien. Hierdie skare weet van hierdie wonders en tekens wat God deur Jesus gedoen het.

6. Wat bedoel Petrus met die woorde *wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is?* (vers 23)
7. Wat sê Petrus het die Jode en Jodegenote met Jesus gedoen? (vers 23)
8. Wie is die *goddelose manne* van wie Petrus praat? (vers 23)
9. Hoekom stapel Petrus die woorde *geneem en gekruisig en omgebring* so op mekaar? (vers 23)

Jesus se dood aan die kruis was nie maar net die ongelukkige sameloop van omstandighede nie. **Deur die bepaalde raad en voorkennis van God is Jesus oorgelewer.** Dit was in God se beplanning dat Jesus moes sterf. Uit Jesus se eie woorde wat Hy aan sy dissipels gesê het aangaande sy dood het Petrus en die ander apostels geweet dat Jesus se dood deur God bepaal is.

Jesus het self drie maal sy dood in Jerusalem as 'n noodsaaklikheid aangekondig. In die nag waarin Hy verraai is, het Jesus nog aan die tafel gesê dat dit met Hom sal gaan volgens wat bepaal is (Luk 22:22).

Uit hierdie woorde word dit dan duidelik dat dit inderdaad God se plan was dat sy Seun moes sterf. Maar vir watter doel God sy Seun se dood bepaal het, word nog nie hier deur Petrus duidelik gemaak nie.

Sonder om doekies om te draai of dit op 'n sagter manier te stel, sê Petrus prontuit aan die Jode en Jodegenote wat hulle met Jesus gedoen het. Hulle het Hom **geneem, gekruisig en omgebring.** Die skare word sommer dadelik met hulle eie skuld en sonde gekonfronteer.

In vers 23 sien ons ook die baie duidelike onderskeid tussen God se raad en wil en die mens se verantwoordelikheid. God het inderdaad sy Seun se dood vooraf bepaal vir 'n spesifieke doel. Die wyse waarop Jesus sou sterf – aan die kruis – is ook in die Ou Testament neer geskryf. Die Jode wat Jesus geneem, gekruisig en omgebring het behou steeds hulle verantwoordelikheid. Hulle het opgetree vanuit hulle sondige aard en nie omdat hulle geweet het wat God se raad en wil is nie.

Omdat hulle vanuit hulle sondige aard opgetree teenoor Jesus staan hulle skuldig voor God.

In hierdie vers word gelowiges ook daarvan verseker dat selfs iets so verskriklik soos die sonde nie buite God se raad en wil om plaasvind nie. Niks gebeur lukraak nie. Vir mense voel dit lukraak omdat hulle nie die raad en wil van God in daardie oomblik begryp nie. Dit is ook eers na afloop van die gebeure by Jesus se kruisiging, dood en opstanding dat die Heilige Gees die apostels se verstand geopen het sodat hulle die Skrifte kon verstaan.

Die goddelose manne van wie Petrus praat, is 'n hele lys van mense. Dit begin met die priesters, ouderlinge en Fariseërs wat tydens Jesus se hele openbare optrede iets gesoek het op grond waarvan hulle van Hom kon ontslae raak. Die lys sluit ook vir Judas Iskariot in wat Jesus verrai het en die tempelpolisie wat hy na Jesus geneem het om Hom gevange te neem. In hierdie lys tel ook Pontius Pilatus en sy soldate wat onder die druk van die Jode ingegegee het en Jesus uiteindelik veroordeel en tereg gestel het. Al die Jode wat saam met die Fariseërs en priesters geskree het dat Jesus gekruisig moet word, tel ook in hierdie lys van goddelose manne.

Petrus **stapel die dinge wat Jesus aangedoen is op mekaar** om daarmee die skuld en die grootheid van die skuld van die Jode aan te toon. Die skare moet beseef dat hulle werklik 'n aandeel gehad het aan die gevangening, kruisiging en dood van Jesus.

10. Wat alles verkondig Petrus aangaande Jesus aan die skare? (vers 22-36)

11. Waarop laat Petrus die klem val, met ander woorde, waaroor praat hy die meeste aangaande Jesus? (vers 24-32)

In verse 22 tot 36 verkondig Petrus die volgende **aangaande Jesus**: Hy begin eers met die dinge wat die skare aangaande Jesus weet – dat Hy uit Nasaret kom en dat God Hom aangewys het met die kragte, wonders en tekens wat Hy deur Hom onder die Jode gedoen het (vers 22). Die kruisiging en dood van Jesus is die volgende moment – eers sê Petrus wat hulle nie weet nie, naamlik dat God vir Jesus volgens

sy besluit oorgelewer het en dan beklemtoon hy die Jode se aandeel hieraan (vers 23).

Vanaf vers 24 tot 32 verkondig Petrus die opstanding van Jesus uit die dood. God het Jesus uit die dood opgewek. As bewys daarvan haal Petrus Psalm 16:8-11 aan. Die dood en graf van Dawid self getuig dat hierdie woorde in Psalm 16 nie op hom betrekking het nie, maar as 'n profesie op Jesus aangaande sy opstanding. Dit is 'n profesie wat Dawid uitgespreek het na aanleiding van die eed wat God teenoor hom gesweer het aangaande die Een uit sy nageslag wat op sy troon sal sit. Dit is veral die aangehaalde woorde in Handeling 2:27 wat profeteer van die opstanding van Jesus (Ps 16:10). Vers 32 rond die verkondiging aangaande Jesus se opstanding af met die herhaling dat God vir Jesus opgewek het en die honderd en twintig gelowiges is almal getuies daarvan.

In vers 33 verkondig Petrus die hemelvaart en uitstorting van die Heilige Gees. Hiermee maak hy nogeens vir die skare duidelik wat tans aan die gebeur is. Met die aanhaling uit Psalm 110:1 getuig Petrus dat dit nie Dawid is wat opgevaar het na die hemel nie, maar Jesus.

In vers 36 sluit Petrus dan die prediking af met die oproep dat die hele Israel moet weet wie Jesus regtig is – Hy is Christus en Here. En Hy is die Jesus wat deur die Jode gekruisig is. Met hierdie laaste woorde laat Petrus die skare nog 'n keer hoor van hulle skuld aan Jesus se dood.

Petrus laat die klem in sy verkondig op die **opstanding van Jesus** val. Nege uit die vyftien verse in hierdie verkondiging van Petrus handel oor die opstanding van Jesus.

- | |
|--|
| <p>12. Wanneer het God vir Jesus opgewek? (vers 24)</p> <p>13. Wat word bedoel met die woorde <i>nadat Hy die smarte van die dood ontbind het?</i> (vers 24)</p> <p>14. Hoekom is dit onmoontlik dat die smarte van die dood Jesus kon vashou? (vers 24)</p> |
|--|

Die enigste tydsaanduiding in hierdie teks is die woord **nadat** in vers 24. Nadat God die smarte van die dood ontbind het, het Hy vir Jesus uit die dood gewek.

Smarte van die dood dui op die lyding wat die dood meebring. Maar in hierdie woorde word die dood ook as iets lewendigs voorgestel. Die dood is 'n mag wat 'n greep op die gestorwene het, sodat die gestorwene self nie daaruit kan kom nie. In die Ou Testament word daar ook verwys na die bande en die strikke van die dood (vgl. 2 Sam 22:6; Ps 18:5; 116:3). God het dus die dood ontkrag van die mag wat hy oor Jesus se liggaam gehad het.

Nadat God dus die mag van die dood oor die liggaam van Jesus ontkrag het, het Hy Hom uit die dood opgewek. En die rede waarom God vir Jesus opgewek het is **omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word**. Dit was onmoontlik dat die smarte van die dood Jesus sou kon vashou, want die Here het die belofte al deur Dawid in Psalm 16 laat hoor dat sy siel nie in die doderyk verlaat sal word nie en sy vlees sal nie verderwing sien nie. Hierdie woorde sluit aan by profesieë wat ook deur Jesaja uitgespreek is (Jes 25:8; 26:19; 53:10).

Die smarte van die dood kon Jesus dus nie vashou nie, omdat die Here self so gesê het in sy profesieë. Hiermee saam kan ook onthou word dat Jesus nie doodgemaak is oor 'n sonde wat Hy gedoen het nie. Hy is geheel en al onskuldig aan enige sonde. Hy het die straf op die sonde in die plek van mense gedra. Daarby moet ook onthou word dat die dood in werklikheid geen seggenskap oor Jesus het nie, want Hy is self God. Niks in die skepping het meer mag as God nie.

Die woord wat vertaal word met **smarte** is die woord wat gebruik word om ook die geboortepyne te beskryf van 'n swanger vrou. Dit was onmoontlik dat Jesus in die dood kon bly net soos wat dit vir 'n vrou onmoontlik is om haar kind binne haar liggaam te hou wanneer die geboortepyne begin het.

15. Hoekom sê Petrus dat Dawid van Jesus praat in Psalm 16? (vers 25)

16. Waaroor het Dawid in Psalm 16 geskryf? (vers 25-28)

17. Hoe verskil Petrus se aanhaling van dit wat in Psalm 16 geskryf staan? (vers 27)
18. Hoekom sê Petrus in Psalm 16 nie letterlik in Dawid se lewe vervul nie? (vers 29)

Petrus maak die gevolgtrekking dat **Dawid van Jesus praat in Psalm 16** omdat Jesus self gesê het dat die Skrifte – bedoelende die hele Ou Testament – van Hom spreek (Joh 5:39). Deur die werking van die Heilige Gees het Petrus en die ander apostels gesien hoe alles wat met Jesus gebeur het in die Skrifte geskryf staan en in Jesus vervul is. Verder noem Petrus ook vir Dawid 'n profete (Hand 2:37) en profete het verkondig van die dinge wat sou gebeur. Dit wat hulle profeteer het nie noodwendig betrekking gehad op die tyd waarin die profete self geleef het nie (1 Pet 1:10-12).

In Psalm 16 **getuig** Dawid van die goedheid van die Here. Daar is niks buite die Here waarop Dawid sy vertrouwe kan stel nie. Die Here alleen is goed vir Dawid. Die Here self is Dawid se erfenis. Omdat Dawid so geborge is in die Here en omdat die Here getrou is, weet Dawid dat hy altyd by die Here veilig is. Die Here is aan sy regterhand om hom te beskerm. Profeties sien Dawid ook dat die doderyk nie hom van die Here sal kan skei nie. Die Here sal hom nie aan die doderyk oorgee sodat hy verderwing sien nie. Selfs na sy dood sal hy steeds by die Here wees.

Soos met die aanhaling uit Joël 2:28-32 (sien Hand 2:17 en Joël 2:28) maak Petrus ook hier in die aanhaling uit Psalm 16:8-11 'n **wysiging** omdat hy vas oortuig is dat Psalm 16 profeties van Jesus Christus getuig. Petrus vervang die woord wat vertaal is met **gunsgenoot** in Psalm 16:10 met **Heilige**. Met die woord **Heilige** bedoel Petrus Jesus.

Die woorde in vers 27 hou dan ook verband met die woorde in vers 24. Dit was onmoontlik dat die dood Jesus sou kon vashou, want God het nie sy Seun aan die doderyk oorgelaat nie. Hy het ook nie toegelaat dat die dood die volle pad met Jesus se liggaam loop wat dit gewoonlik met 'n menslike liggaam doen nie – naamlik heeltemal laat verderf.

Dawid het alleen getuig van die Here se goedheid en guns teenoor hom, maar die letterlike vervulling van sy profetiese woorde het nie vir Dawid self al waar geword nie. **Dawid het gesterf en hy is begrawe** en sy graf is nogsteeds in stad van Dawid (1 Kon 2:10). In die stadium toe Petrus hierdie woorde gespreek het, was Dawid al bykans 'n duisend jaar lank dood. Dawid het dus nie van sy eie opstanding gespreek nie, maar eerder van sy lewe na die dood by die Here en sy opstanding iewers in die toekoms. Maar hierdie woorde van Dawid is werklik in Jesus Christus vervul omdat God sy Seun uit die dood opgewek het nadat die goddelose mense Hom doodgemaak het.

19. Wat bedoel Petrus as hy sê dat hy *vry-uit met hulle kan spreek*? (vers 29)
20. Watter redes voer Petrus aan as bewys dat Dawid van Christus se opstanding praat in Psalm 16? (vers 30-31)
21. Watter getuienis het Petrus gehad om te sê dat Dawid 'n profeet was? (vers 30)
22. Na watter eed verwys Petrus in vers 30?

Oor Dawid kan Petrus **openlik en met groot sekerheid** met die skare praat. Alhoewel Dawid in hoë aansien by die Jode is – hy word deur Petrus 'n aartsvader genoem – het Dawid tog gesterf en is hy begrawe. Sy graf is nogsteeds in die stad van Dawid waar hy begrawe is en die Jode weet dit almal. Daarom het Dawid in Psalm 16 nie van sy eie opstanding alleen nie maar in besonder van die opstanding van Jesus uit die dood getuig.

Petrus noem **drie redes** waarom hy sê dat Dawid in Psalm 16 van Jesus se opstanding getuig. Die eerste rede is omdat Dawid 'n profeet is. Die tweede rede is omdat God 'n eed gesweer het aangaande die een uit Dawid se nageslag wat ewig op sy troon sal sit. En die derde rede is omdat Dawid vooruit gesien het dat Jesus uit die dood opgewek sal word. Die derde en die eerste rede kan moontlik as dieselfde rede gesien word omdat albei met die profetiese gawe verband hou.

Dit is in besonder uit Jesus se eie woorde aan die apostels dat Petrus geweet het dat Dawid 'n profeet is. Jesus het immers aan hulle gesê dat alles wat oor Hom in die wet van Moses en die profete en psalms geskryf is, vervul moet word (Luk

24:44). Jesus se eie woorde is dus Petrus se **getuienis** dat Dawid 'n profeet was. Dit is ook op grond van die profetiese gawe wat Dawid gehad het dat Petrus reeds vir die ander apostels en gelowiges uit die psalms kon aanwys dat dit nodig was om 'n twaalfde apostel in die plek van Judas Iskariot te verkies (Hand 1:16). Ook uit Dawid se laaste woorde is die getuienis daar dat hy die profetiese gawe van die Heilige Gees ontvang het (2 Sam 23:3).

Petrus verwys na die **eed** wat die Here teenoor Dawid uitgespreek het in 2 Samuel 7. Die woorde van die Here aan Dawid lui soos volg: **Maar Ek sal jou rus gee van al jou vyande; en die HERE gee jou te kenne dat die HERE vir jou 'n huis sal stig. As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig. Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid. Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met 'n menslike roede en met slae van mensekinders. Maar my goedertierenheid sal van hom nie wyk nie, soos Ek dit onttrek het aan Saul wat Ek voor jou aangesig verwyder het. En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid** (2 Samuel 7:11-16 AFR53).

Hierdie eed van belofte het die Here gedeeltelik in Salomo tot vervulling gebring. Maar die beklemtoonde gedeeltes het eers hulle volle vervulling in Jesus Christus gevind. Jesus Christus is wat die vlees betref 'n nakomeling van Dawid. God is werklik die Vader van Jesus en Jesus is van nature die eniggebore Seun van God. Oor Jesus het God se goedertierenheid nooit gewyk nie. Jesus is die Koning aan wie die koningskap tot in alle ewigheid behoort. Omdat Jesus dan vir ewig Koning is, beteken dit dat Hy ook vir ewig moet lewe. Alhoewel Hy gesterf het deur die hande van goddelose mense (Hand 2:23) is Hy opgewek deur God en Dawid het dit vooruit gesien en daarvan in Psalm 16 geprofeteer.

- | |
|--|
| <p>23. Hoekom kan Petrus met soveel oortuiging sê dat Jesus opgewek is? (vers 32)</p> <p>24. Wie is <i>ons almal</i> wat getuies is van Jesus se opstanding? (vers 32)</p> |
|--|

Petrus kan met **oortuiging getuig** dat God vir Jesus uit die dood opgewek het, want Petrus het self vir Jesus lewend gesien na sy opstanding. Petrus was die eerste apostel wat die leë graf gesien het (Luk 24:12; Joh 20:6). Op die aand van die dag waarop Jesus uit die dood opgestaan het, was Petrus teenwoordig toe Jesus aan die dissipels verskyn het (Joh 20:19-25). Petrus was ook die volgende Sondagaand teenwoordig toe Jesus die tweede maal aan die dissipels verskyn het (Joh 20:26-29).

Petrus is nie die enigste een wat getuie is van Jesus se opstanding uit die dood nie. **Al die gelowiges** wat nou daar voor die skare staan, is almal getuies dat God werklik vir Jesus uit die dood opgewek het. Hulle almal het Jesus lewend gesien na sy opstanding uit die dood.

Omdat Petrus Jesus lewend gesien het, weet hy dat die profetiese woorde van Psalm 16 in Jesus waar geword het. Hy en al die ander gelowiges daar teenwoordig is betroubare getuies van Jesus se opstanding uit die dood. En die Jesus wat hulle lewend gesien het, is dieselfde Jesus wat deur die goddelose manne gevange geneem, gekruisig en doodgemaak is.

25. Wat bedoel Petrus met die woorde *Hy dan deur die regterhand van God verhoog is?* (vers 33)

26. Hoekom het die Vader die belofte van die Heilige Gees aan Jesus gegee? (vers 33)

Met die woorde **Hy dan deur die regterhand van God verhoog is** verwys Petrus na die hemelvaart van Jesus. Jesus het nie self opgestyg na die hemel nie. Van die eerste verwysing af na die hemelvaart van Jesus word dit duidelik dat Jesus opgeneem is in die hemel in (Hand 1:9). Ook wanneer die gelowiges bymekaar kom na die hemelvaart om die twaalfde apostel te kies, praat hulle weer van Jesus se hemelvaart as dat Hy opgeneem is.

God die Vader het self sy Seun in die hemel opgeneem. Daarmee het die Vader self bevestiging gegee dat Jesus se verlossingswerk op die aarde vireers afgehandel is

en die Vader is tevrede met die werk wat sy Seun gedoen het. Die liggaamlike opneem van Jesus deur die Vader dien ook as 'n bewys dat die menslike natuur weer voor die aangesig van God mag verskyn omdat die prys vir die sonde volledig betaal is.

Omdat Jesus volmaak die wil van sy Vader volbring het deur die verlossingswerk wat Hy gedoen het, **het die Vader aan Jesus die belofte van die Heilige Gees gegee**. Alhoewel Jesus as die Seun van God self ook God is en daarom almagtig, het Jesus deur sy volmaakte gehoorsaamheid aan die Vader ook alle mag in die hemel en op die aarde ontvang (Matt 28:18).

Verder het die Vader die belofte van die Heilige Gees aan Jesus gegee sodat Hy die belofte wat Hy nog voor sy kruisiging gemaak het kan uitvoer. Jesus het voor sy kruisiging belowe dat die Heilige Gees sal kom nadat Hy na die Vader teruggegaan het.

27. Wie het die Heilige Gees uitgestort? (vers 33)

28. Wanneer het Jesus die Heilige Gees uitgestort? (vers 33)

29. Wat kan ons uit die woord *uitgestort* aflei? (vers 33)

30. Waarna verwys Petrus as hy sê *wat julle nou sien en hoor?* (vers 33)

In die woorde van Petrus is dit duidelik **dat Jesus self die Heilige Gees uitgestort het**. Aangesien Jesus alle mag in die hemel en op die aarde ontvang het, het Hy die reg en verantwoordelikheid om die Heilige Gees uit te stort oor wie Hy wil.

Streng gesproke gaan die Heilige Gees van die Vader en die Seun uit. Die Vader het aan die Seun die belofte van die Heilige Gees gegee en die Seun gee die belofte van die Heilige Gees aan sy kerk.

Met die woord **nadat** heel aan die begin van vers 33 word die tyd aangedui wanneer Jesus die Heilige Gees uitgestort het. Dit het eers gebeur nadat Hy deur die Vader opgeneem is in die hemel en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het. Jesus het al vroeër die Heilige Gees aan sy apostels gegee (Joh 20:22), maar

dit was beperk tot die apostels alleen. Na sy hemelvaart stort Jesus die Heilige Gees uit op sy hele kerk. Al die gelowiges ontvang die Heilige Gees om getuies van Jesus te kan wees.

Uit die woord **uitgestort** kan 'n mens aflei dat die Here sy Heilige Gees in oorvloed en in volledigheid aan sy kerk gegee het. Hy het absoluut niks teruggehou met die uitstorting van die Heilige Gees nie. Dit is Jesus se hartsbegeerte dat sy kerk vir wie Hy aan die kruis gesterf het nou deur die krag van die Heilige Gees getuies sal wees van Hom oral in die hele wêreld.

Petrus sluit in vers 33 af met die woorde **wat julle nou sien en hoor**. Die skare wat in die straat saamgestroom het, het Galileërs gesien wat in verskillende tale praat oor die groot daad van God. Hierdie getuie van die gelowiges oor die groot daad van God is die gevolg van die uitstorting van die Heilige Gees.

31. Hoekom sê Petrus *Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie?* (vers 34)
32. Hoekom haal Petrus Psalm 110:1 aan? (vers 34-35)
33. Wie is die *hele huis van Israel?* (vers 36)
34. Hoekom moet hulle weet dat God Jesus Here en Christus gemaak het? (vers 36)

Petrus het so pas opgemerk dat Dawid nie nog lewe nie. Hy het gesterf en is begrawe en sy graf is nogsteeds in Jerusalem (Hand 2:29). Maar Dawid het in Psalm 16 van Jesus se opstanding uit die dood geprofeteer. Petrus het nou net verkondig dat Jesus deur God verhoog is tot aan sy regterhand. Om alle onduidelik uit die weg te ruim, getuig Petrus dat **Dawid nie in die hemele opgevaar het nie**. Jesus het in die hemele opgevaar.

En as bewys daarvan haal Petrus Psalm 110 aan. In **Psalm 110** profeteer Dawid van Jesus se hemelvaart. Want die Here – dit is God die Vader – het vir Dawid se Here – die Messias – gesê om aan sy regterhand te kom sit. Met die woord **sit** word beklemtoon dat Jesus se verlossingswerk as Hoëpriester afgehandel is. So beklemtoon die skrywer van die boek Hebreërs dit (Heb 10:11-12). Jesus sal aan

God se regterhand bly sit totdat die Vader al sy vyande 'n voetbank van sy voete gemaak het.

Die **hele huis van Israel** verwys na al die Israeliete – dit wil sê, al die Jode. Hulle moet weet dat hulle verstaan van wie Jesus regtig is, was verkeerd. Hulle het Jesus maar net gesien as 'n gewone mens, want hulle het verstaan dat Hy die seun van Josef en Maria van Nasaret was. Om hierdie rede het hulle Hom ook as 'n gewone misdadiger behandel toe hulle Hom aan die kruis laat vasspyker het. Maar deur alles wat Dawid aangaande Jesus geprofeteer het – aangaande sy opstanding en hemelvaart – en dit wat God self met sy Seun Jesus gedoen het, moet almal weet dat God Jesus Here en Christus gemaak het.

35. Wat word bedoel met die woorde *dat God Hom Here en Christus gemaak het?* (vers 36)
36. Hoekom sê Petrus weer dat die Jode Jesus gekruisig het? (vers 36)
37. Hoekom laat Petrus nou die goddelose manne uit wat hy in vers 23 genoem het? (vers 36)

Deur alles heen wat met Jesus Christus gebeur het – God het Hom aangewys met kragte en wonders en tekens, God het Hom uit die dood opgewek en God het Hom verhoog tot in die hemele aan sy regterhand – is 'n duidelike bewys dat Jesus nie maar net 'n gewone mens is soos wat die Jode van Hom gedink het nie. Met alles wat God die Vader gedoen het, het Hy bevestig en verklaar dat Jesus werklik **Here** is. Hy dra dieselfde Naam as die Naam waarmee God self ook aangedui word. Dit wil sê Jesus is werklik God. En as Here het Hy alle mag in die hemel en op die aarde. Daarby het die Vader ook bevestig en verklaar dat Jesus werklik die **Christus** is. Jesus is die Messias wat deur God vir eeue lank aan sy volk belowe is. Dit is Hy wat sy volk van hulle sondes kom verlos het.

Petrus sluit sy verkondiging aangaande Jesus af deur weer te verwys na die misdaad wat die Jode gepleeg het. Hierdie Jesus wat deur God aangewys is as die Here en Christus is deur die Jode **gekruisig**. Hulle moet duidelik beseft dat hulle nie

maar net 'n gewone mens laat kruisig het nie. Hulle het die Here en die Christus aan die kruis laat vasspyker.

Petrus noem net die Jode in die slot van sy preek en nie ook die **goddelose manne** soos in vers 23 nie. Die skare moet beseft dat hulle alleen die skuld dra vir hulle sonde. Daar bestaan nie so iets soos gedeelde skuld nie. Elke sondaar dra self die skuld van sy eie misdade.

2.3.2 Samevatting

Die doel van Jesus se dood word nie in hierdie preek van Petrus genoem nie. Maar op grond van dit wat Petrus die mense later antwoord (Hand 2:38-39) kan 'n mens aflei dat hy wel in die preek die doel van Jesus se dood verkondig het. Daarom kan 'n mens aanneem dat hierdie slegs 'n opsomming is van die preek.

Die Jode word baie duidelik van hulle eie skuld en sonde bewus gemaak. Aan die begin van die prediking aangaande Jesus en aan die einde maak Petrus duidelik dat die Jode wat daar voor die apostels is Jesus gekruisig het.

Wat van groot belang is en waarvan die skare duidelik moet kennis neem, is dat hierdie Jesus wat deur die Jode gekruisig is deur God uit die dood opgewek is. Die grootste deel van die prediking word dan ook aan die opstanding van Jesus afgestaan. Dit is deur die opstanding, die hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees dat die apostels en die skare kan sien dat God Jesus die Here en Christus gemaak het. Hom wat die skare vroeër beskou het as maar net 'n gewone mens met besondere gawes is in werklikheid die Here en Christus – Hy is self God en Hy is die Messias wat eeue lank aan Israel belowe is.

Handelinge 2:37-41

37 Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?

38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. 39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.

40 En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag.

41 Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring.

3. Handelinge 2:37-41 – Reaksie op die preek van Petrus

37 Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?

38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. 39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.

40 En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag.

41 Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring.

3.1 Vrae by Handelinge 2:37-41

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wie is aan die woord? (verse 37-41)2. Met wie word gepraat? (verse 37-41)3. Wat het die skare gehoor wat hulle diep in die hart getref het? (vers 37)4. Wat bedoel die skare met die vraag aan die apostels? (vers 37) |
|--|

Lukas is steeds besig om aan **Teofilus** te vertel wat gebeur het op Pinksterdag. Na afloop van die preek wat Petrus gelewer het, het die skare mense vir die apostels gevra wat hulle nou moet doen (vers 37). Hierop het Petrus aan die mense die

antwoord gegee (vers 38-39). Lukas sluit hierdie gedeelte af deur nog iets te vertel oor Petrus se woorde en oor die hele reaksie op die prediking – die bekering van by die drieduisend mense (vers 40-41).

Die **Heilige Gees** het deur die prediking van Petrus die skare van die **waarheid aangaande Jesus** oortuig. Hulle het nou verseker geweet dat Jesus nie maar net 'n gewone Joodse man was nie. Hy is werklik die Here en Christus – die Messias wat God vir eeue lank aan sy volk belowe het. Verder het die Heilige Gees die skare ook oortuig van hulle eie **skuld** aan die dood van Jesus. Petrus het twee maal reguit vir hulle gesê dat hulle Jesus doodgemaak het.

Dit is tog opmerklik dat die spreek in tale die skare net tot verbasing en spottery gebring het. Dit was eers deur die verkondiging van die evangelie dat die Heilige Gees die mense diep in die hart getref het. Met die helder en suiwer verkondiging van die evangelie **snj** die Heilige Gees diep in die hart van die mens in. Hy ontbloot wat in die hart aan die gang is en bring op hierdie wyse die mens self tot die oortuiging dat hy verkeerd en sondig is.

Op grond van die waarheid aangaande Jesus en op grond van hulle eie skuld aan Jesus se dood vra die skare: **Wat moet ons doen?** Hulle besef dat die opstanding van Jesus, die feit dat Hy nou lewe en dat Hy nou in die hemel aan die regterhand van God is, het nie 'n streep deur hulle skuld getrek nie. Hulle staan steeds skuldig voor God en hulle moet iets aan hulle skuld doen.

Uit die slot van Petrus se preek – sien vers 36 – sowel as die woorde van Petrus in verse 38 en 39 blyk dit ook dat die vraag van die skare nie net oor hulle persoonlik gaan nie. Petrus het immers beklemtoon dat die hele huis van Israel moet weet wie Jesus werklik is. Wanneer die skare dan vra wat hulle moet doen, vra hulle dit nie net ter wille van hulle wat daar teenwoordig is nie, maar vra hulle dit ook ter wille van die hele huis van Israel. In antwoord op hulle vraag wys Petrus vir hulle dat die bekering en doop nie net vir hulle geld nie maar ook vir hulle kinders en almal wat daar ver is wat die Here na Hom sal roep. Dit wil sê dat in hierdie woorde ook aan die skare gesê word dat hulle die verantwoordelikheid het om aan hulle volksgenote onder andere die evangelie van Jesus Christus moet gaan bring.

5. Wat sê Petrus moes die skare mense doen? (vers 38)
6. Wat beteken dit om jouself te bekeer? (vers 38)
7. Hoekom moes hulle hulle laat doop? (vers 38)
8. Hoekom moet hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop word? (vers 38)
9. Wat is die gevolg van bekering en doop vir hierdie mense? (vers 38)

Deur Petrus se verkondiging van die evangelie het die skare mense tot die oortuiging gekom dat hulle persoonlik skuldig is aan die dood van Jesus. Met hierdie oortuiging wat die Heilige Gees in hulle harte gewerk het, het Hy hulle ook daartoe gelei om die kritiese vraag te vra: Wat moet ons doen?

Verlossing is inderdaad God se werk alleen maar in sy werk om die mens te verlos, gee Hy ook aan die mens die verantwoordelikheid om Hom te volg in sy verlossingswerk. Die mens moes hom **bekeer en laat doop**. Hiermee is nie die volle geloofslawe van die gelowige aangedui nie, maar slegs die begin van 'n lewenslange geloofslawe. Daar is te veel mense wat onder die indruk verkeer dat bekering en doop die som totaal is van hulle verantwoordelikheid.

Bekeer beteken dat 'n mens na God toe terugkeer terwyl jy van jou sondige weë af wegdraai. Vir hierdie skare mense het dit in die eerste plek beteken dat hulle van hulle verkeerde siening van Jesus van Nasaret af moes wegdraai en Hom in die geloof as hulle Verlosser en Messias aanneem. Hulle wat Jesus vroeër verag het en beskou het as iemand wat net werd is om te kruisig, moet nou tot Hom toe keer as die Een sonder wie hulle nie kan lewe nie.

Vir hierdie Jode en Jodegenote sou die volgende deel van hulle verantwoordelikheid vreemd op die oor geval het – **hulle moes hulle laat doop**. Die Jode was onder die indruk dat net heidene wat die Joodse geloof aanneem gedoop word. Daarmee het hulle getoon dat hulle wegdoen met die lewe van vroeër as heidene en hulle stel hulle vertrouwe geheel en al in die lewende God. Die Jodegenote sou ook die deel van hulle verantwoordelikheid vreemd gevind het, aangesien hulle dan reeds die proseliete doop ontvang het.

Vir hierdie skare mense sou hulle doop 'n getuienis wees van hulle bekering. Dit is inderwaarheid deel van hulle geloofsbelydenis. Hulle bely dan daarmee dat hulle verkeerd was in hulle siening van Jesus en hulle aanvaar Hom nou as hulle Verlosser en Messias.

Om **in die Naam van Jesus Christus** gedoop te wees sluit die volgende in: jy erken dat Jesus Christus die Verlosser is en dat Hy ook vir jou sondes aan die kruis gesterf het; jy erken dat jy net in sy Naam – dit is op grond van sy verlossingswerk – vergifnis van sonde kan kry; jy vereenselwig jou geheel en al met Jesus Christus. Vir hierdie Jode en Jodegenote sou dit verseker beteken dat hulle verguis en vervolgsal word.

Die gevolg van hulle bekering en doop is dat hulle die gawe van die Heilige Gees sal ontvang. Wanneer die mense hulle tot Christus bekeer en in sy Naam gedoop word, ontvang hulle die gawe van die Heilige Gees. Dit is nie soos wat baie ander mense wil sê dat jy die Heilige Gees eers op 'n later stadium ontvang nadat jy tot bekering gekom het nie. Egte bekering tot Christus gebeur immers net op grond van die werk van die Heilige Gees binne in 'n mens.

'n Verdere gevolg is natuurlik dat die mense vergifnis van sonde sal ontvang. Deur Christus is hulle van hulle sondes verlos. Hulle bekeer hulle van hulle sondes en bely dat Christus hulle verlos het. Daarom beleef hulle ook die vergifnis wat die Here dan gee.

Hier staan ook nie geskryf waartoe hierdie mense die Heilige Gees sal ontvang nie. Uit die konteks is dit egter duidelik dat hulle ook, soos die gelowiges op wie die Heilige Gees eerste gekom het op Pinksterdag, sal kan vertel van die groot dade van God. Dit wil sê, hulle sal ook getuies van Jesus Christus wees. Hier word egter geensins melding gemaak dat hulle presies dieselfde tekens sal waarneem as wat die eerste gelowiges waargeneem het toe hulle die Heilige Gees ontvang het nie. Met ander woorde, hier word nie veronderstel dat hierdie mense ook in verskillende tale sal kan spreek wanneer hulle die Heilige Gees ontvang nie.

10. Na watter belofte verwys Petrus? (vers 39)
11. Wat beteken dit as Petrus sê *die belofte kom julle toe en julle kinders*? (vers 39)
12. Wie is die *almal wat daar ver is*? (vers 39)
13. Wat hou die woorde *die wat die Here ons God na Hom sal roep* in vir die belofte wat die mense toe kom? (vers 39)

Uit die onmiddellike konteks sal 'n mens kan aflei dat die **belofte** waarna Petrus verwys die belofte van die Heilige Gees is. Die woord *belofte* is twee keer in die voorafgaande gedeeltes gebruik deur Lukas (vgl. Hand 1:4 en 2:33) en elke keer is daar van die belofte van die Heilige Gees gepraat.

Lees 'n mens vers 38 en 39 egter saam dan blyk dit dat die belofte nie net na die belofte van die Heilige Gees kan verwys nie, of ten minste dat dit nie net gaan oor die ontvang van die Heilige Gees op sig self nie. Vers 39 begin met die woord *want* wat tog rede aandui vir wat direk vooraf gesê is. Direk vooraf is dit wat in vers 38 geskryf staan. Die mense moet hulle bekeer en hulle laat doop in die Naam van Jesus Christus. Die gevolg van hulle bekering en doop is dat hulle vergifnis van sonde ontvang en die kragtige werking en inwoning van die Heilige Gees.

Deur Petrus sê die Here dat hierdie belofte die **skare mense en hulle kinders toekom**. Omdat die Here hierdie mense deur middel van die geluid soos van 'n geweldige rukwind bymekaar gemaak het, het hulle gehoor hoe daar in hulle eie tale van die groot dade van God gepraat word. Deur alles wat daar voor hulle oë en ore gebeur het, het hulle daartoe gekom om te vra wat al hierdie dinge tog kan beteken. Gelei deur die Heilige Gees het Petrus en die ander elf die evangelie van Jesus Christus aan die skare verkondig. Deur die verkondiging het die Heilige Gees hierdie skare oortuig van hulle sondeskuld sodat hulle gevra het wat hulle moet doen. Daarom sê Petrus dat die belofte hulle toekom. Net so kom die belofte ook hulle kinders toe. Daar word nie 'n onderskeid gemaak tussen die groot mense en hulle kinders nie wanneer daar gesê word dat die belofte hulle toekom nie.

Hierdie woorde *die belofte kom julle toe en julle kinders* herinner sterk aan die woorde wat die Here tot Abraham gespreek het toe Hy sy verbond met Abraham

gesluit het. In Genesis 17 lees ons hierdie woorde: **En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou** (Genesis 17:7 AFR53).

In hierdie verbondswoorde belowe die Here dat Hy vir Abraham en vir sy nageslag in hulle geslagte 'n God sal wees. Vanuit Genesis 15:13-21 toe die Here die verbond met Abraham fisies opgerig het, word dit duidelik dat die Here Homself in sy verbond aan Abraham en sy nageslag belowe. Hierdie verbondsbelofte staan in Jeremia 31 volledig geskryf: **Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees** (Jeremia 31:33 AFR53).

Wanneer 'n mens nou dit wat in Genesis 15 en 17 gesê word saam met die woorde Jeremia 31 lees as die fondament waarop Petrus die woorde in Handeling 2:39 uitspreek, word dit duidelik dat die Here Homself in sy verbond aan die mense belowe en Hy belowe verder dat hulle sy volk of kinders sal wees. Die belofte dat die mense kinders of volk van die Here word verwesenlik deur hulle geloof in die woorde van die Here. Wanneer hierdie skare dus glo dat Jesus Christus vir hulle sondes gesterf het en hulle bekeer hulle van hulle sondes word die belofte verwesenlik – hulle is dan volk van God. Hierdie belofte geld vir die skare mense en hulle kinders en almal wat daar ver is wat die Here na Hom sal roep.

Die belofte kom nie net die hoorders van die evangelie op Pinksterdag toe nie – die Jode en Jodegenote wat daar voor die apostels vergader is nie. Hierdie belofte kom ook **almal toe wat daar ver is**. Met hierdie woorde word daar verwys na die Jode en Jodegenote wat nie daar voor die apostels vergader is nie. Maar dit hou nie daar op nie. Dit verwys ook na die ander volke aan wie die evangelie van Jesus Christus verkondig moet word. Die apostels sal immers getuies van Jesus wees nie net teenoor die Jode en Jodegenote nie maar tot aan die uiterste van die aarde (Hand 1:8).

Om te sê wat die woorde **die wat die Here onse God na Hom sal roep** inhou vir die belofte wat die mense toekom, moet 'n mens eers stilstaan by die woorde **die wat**

die Here onse God na Hom sal roep. Om duidelikheid oor hierdie frase te kry die volgende: Hoe roep die Here mense na Hom toe? Hy roep hulle deur die verkondiging van die evangelie, soos wat Petrus in hierdie prediking ook met die skare voor hom gedoen het. Vir wie almal roep die Here na Hom toe? Hy roep alle mense, want die getuienis aangaande Jesus moet aan alle mense verkondig word.

'n Vraag wat 'n mens sal moet oorweeg, is of die belofte net aan hulle toekom wat hulle geloof bely het? Dit wil sê, moet jy eers jou geloof in Jesus Christus bely voordat jy die belofte kan ontvang? En 'n tweede vraag is, hoe staan die belofte in verband met die doop?

Wat die eerste vraag betref; kom die belofte net hulle toe wat hulle geloof bely? Uit die woorde in vers 39 blyk dit tog dat die belofte nie net toekom aan hulle wat hulle geloof in Jesus Christus bely het nie, maar aan almal wat die Here onse God na Hom sal roep. Dus moet daar onderskei word tussen die roeping van God en die belydenis van geloof in Jesus Christus. God roep alle mense na Hom toe met die verkondiging van die evangelie. Almal wat die Here na Hom toe roep, sal nie uiteindelik almal hulle geloof bely nie.

Daar moet ook onderskei word tussen die belofte maak aan iemand en die belofte vervul aan iemand. Die een wat die belofte aan iemand anders maak, maak die belofte omdat hy dit wil doen en omdat hy die belofte ook kan nakom. Die belofte en die vervulling van die belofte is dus afhanklik van die een wat die belofte maak en nie afhanklik van die een aan wie die belofte gemaak word nie. Wanneer die Here die gawe van die Heilige Gees aan 'n mens belowe, neem Hy niks van die mens self in ag nie. Dit wil sê, die mens moet nie eers een of ander prestasie lewer voordat die Here die belofte maak nie. Hy maak die belofte omdat Hy dit wil maak en omdat Hy die belofte ook kan nakom.

Kan 'n mens sê dat die Here sy belofte aan elke liewe mens aan wie Hy die belofte maak, sal verwesenlik? As 'n mens ja hierop antwoord dan sê 'n mens dat die Here sy belofte verwesenlik ongeag of die mens aan die verbondsvoorwaarde voldoen al dan nie. Dan kan 'n mens aflei dat die Here geloof verskuldig is aan die mens, want geloof in die Here is tog voorwaarde van die verwesenliking van die belofte – 'n

voorwaarde wat die Here self stel. Die Here is immers niks aan 'n mens verskuldig nie. Hy is immers God en verhewe bo alles en almal.

As 'n mens nee op hierdie vraag antwoord dan is die opening daar om te sê dat die Here sommer maar net 'n belofte maak en Hy is nie ernstig daaroor nie. Dit wil sê, Hy maak leë beloftes – dit is sommer maar net praatjies en Hy bedoel nie wat Hy sê nie. Dit kan tog ook nie waar wees nie, want dan word God geteken as 'n wispelturige God.

Wanneer God mense na Hom toe roep, doen Hy dit in alle erns. Dit is nie sommer net 'n speletjie waarmee Hy besig is nie. Let op hoe Jesus self sê dat Hy Jerusalem met alle erns geroep het (Matt 23:37). God weet immers wat gaan met die mense gebeur wat nie na sy roepstem wil luister nie. Die toorn van God bly op hulle en uiteindelik gaan hulle vir ewig verlore.

Aangesien die belofte almal toekom wat die Here onse God na Hom sal roep, beteken dit tog dat die belofte net so ernstig deur die Here bedoel word as sy roeping. En as die Here sy belofte wil maak aan iemand dan maak Hy dit, net soos wat Hy roep wie Hy wil. Die erns waarmee die Here roep en die erns waarmee Hy se belofte maak beklemtoon ook die erns van die voorwaarde. Die belofte word verwesenlik deur die geloof.

By die groot mense wat dan vir Petrus gevra het wat hulle moet doen, het die Heilige Gees die oortuiging gegee dat hulle skuldig is aan sonde en dat hulle Jesus Christus nodig het as hulle Verlosser. Dit is die bekering wat die Heilige Gees in hulle harte gewerk het, sodat hulle hulleself kon bekeer (Jer 31:18; Klaagl 5:21). Hierdie mense het dus tot geloof in Jesus Christus gekom. En om hulle geloof te versterk ontvang hulle die die doop in die Naam van Jesus Christus. Die Here laat hulle deur die doop hoor dat Hy ernstig is oor die belofte wat Hy maak. En deur hulle te laat doop onderneem hulle om ook erns te maak met hulle navolging van en onderwerping aan Christus.

Wanneer die Here kinders na Hom toe roep, beteken dit dat die belofte ook hulle toekom. Maar nou is dit so dat die kind nog nie, soos die groot mense hier in Handeling 2, hulle geloof kan bely nie. Uit die voorafgaande weet ons egter dat die

Here sy belofte maak aan wie Hy wil en Hy wag nie dat daar van die mens se kant af eers een of ander prestasie gelewer is nie. Hy kan sy belofte maak en Hy wil dit maak. Kan 'n mens hieruit aflei dat kinders dan gedoop behoort te word? Dit lyk vir my 'n mens kan wel so aflei, aangesien die Here dan aan daardie kind en sy ouers toon hoe ernstig bedoel Hy sy belofte. Daarom onderneem gelowige ouers dan ook om in alle erns hulle verantwoordelikheid na te kom deur hulle kind te leer van die Here en sy genade in Jesus Christus ooreenkomstig die opdrag van die Here aan ouers (Deut 6:6-9).

Om dus die tweede vraag – hoe staan die belofte in verband met die doop – in kort te beantwoord: Deur die doop bevestig die Here ook sigbaar die erns van sy belofte aan die mens, soos wat Hy met alle erns die mens geroep en laat hoor het van sy belofte in die Woord.

- 14.** Wat kan ons uit vers 40 aflei in verband met die prediking van Petrus wat so kort blyk te wees? (vers 40)
- 15.** Wat bedoel Petrus met die oproep en hoe het dit betrekking op ander tye? (vers 40))

Uit die volgende woorde **En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan** kan ons aflei dat die prediking soos wat dit hier aangeteken is in verse 14 tot 36 nie die volledige verkondiging van Petrus was nie. Hy het met baie ander woorde getuig. Die woord wat hier vertaal is met *besweer* kan eerder met *getuig* vertaal word.

Petrus het die skare vermaan: **Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag.** Eerstens wys Petrus met die wyse waarop hy die werkwoord gebruik dat die mense hulleself nie uit hierdie verkeerde geslag kan red nie. Die mense moet hulle laat red. Hierdie redding kan Jesus Christus alleen doen. Die wyse waarop die mense hulle laat red, is deur gehoorsaam te wees en hulle bekeer en laat doop in die Naam van Jesus Christus. Dit is immers deur die geloof in Christus dat daar vergewing van sondes kan kom.

Tweedens praat Petrus van hierdie verkeerde geslag. Met hierdie woorde verwys hy na die onmiddelijke geslag van Jode en Jodegenote wat skuldig is aan die dood van Jesus. Vergelyk die afsluiting van die prediking in vers 36. Maar dit is nie net hierdie geslag in Petrus se tyd wat skuldig is aan die dood van Jesus nie. Elke opvolgende geslag mense is ook skuldig aan die dood van Jesus omdat alle mense van alle geslagte sondaars is.

16. Watter gevolg was daar op die prediking van Petrus? (vers 41)

Uit die skare mense wat daar voor die apostels saamgestroom was, was daar 'n aantal mense wat Petrus se **woorde met blydschap aangeneem het**. Vir hierdie mense wat so diep in die hart getref is en deur die Heilige Gees oortuig is dat hulle skuldig is aan die dood van Jesus Christus was die woorde van Petrus 'n welkome uitkoms onder die toorn van God uit. Hulle het geweet dat hulle veroordeeld staan voor God. Maar deur die geloof in Jesus Christus kan hulle vergifnis van hulle sondes kry. Dus kan 'n mens aanneem dat hulle die woorde van Petrus met albei hande aangegryp het. Die Here gee in sy groot genade die voorreg om deur Jesus Christus na Hom terug te keer.

Hulle wat die woorde van Petrus met blydschap aangeneem het, **is gedoop**. Hulle vereenselwig hulle voluit met Jesus Christus en waarvoor Hy na hierdie wêreld gekom het. Alle gewaande reinheid as gevolg van hulle afkoms is weggeneem. Hulle besef dat hulle net in die Naam van Jesus Christus vergifnis van sondes kan kry. Deur hulle te laat doop bely hulle ook dat hulle die Here se belofte in Christus glo.

Die uiteindelik resultaat van die Heilige Gees se werk met die prediking van Petrus was dat Hy drie duisend mense op hierdie dag toegevoeg tot die getal van die gelowiges. Skielik op een dag vergroot die Here se kerk in Jerusalem van honderd en twintig na omtrent drie duisend een honderd en twintig.

3.2 Samevatting

Petrus het die evangelie suiwer en op die man af aan die skare verkondig. Met

hierdie verkondiging bring die Heilige Gees die mense tot die oortuiging dat hulle verstaan van wie Jesus van Nasaret was heeltemal verkeerd was. Hulle kom tot die besef dat hulle skuldig is aan die dood van Jesus en dit maak hulle skuldig voor God. Die Heilige Gees lei hulle dan ook om die belangrike vraag te vra: Wat moet ons doen?

Die Heilige Gees bring 'n mens tot die oortuiging van jou skuld sodat jy agter Hom aan jouself kan bekeer – weg van jou sonde af en terug na God toe. Vir hierdie Jode het dit dan beteken dat hulle hulle ook moes laat doop. Doop was iets wat hulle gemeen net vir heidene nodig was. Deur hulleself te laat doop erken hulle dat hulle sonde skuld het en dit kan alleen deur Jesus Christus weggeneem word. Die doop is dan teken en seël van hierdie wegneem van die sonde deur Jesus.

Met hulle bekering en doop is hulle ook met die Heilige Gees gedoop. Die belofte van die Heilige Gees kom hulle, hulle kinders en almal wat ver is wat die Here na Hom sal roep toe. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees is daar op hierdie dag drie duisend mense tot die getal van die gelowiges gevoeg.

Handelinge 2:42-47

42 En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.

43 En vrees het op elkeen gekom, en baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind. 44 En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit. 45 En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het. 46 En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydschap en eenvoudigheid van hart geniet, 47 terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.

4. Handelinge 2:42-47 – Die lewe van die kerk

42 En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.

43 En vrees het op elkeen gekom, en baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind. 44 En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit. 45 En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het. 46 En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydschap en eenvoudigheid van hart geniet, 47 terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.

4.1 Vrae by Handelinge 2:42-47

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wie is die <i>hulle</i> van wie Lukas in vers 42 praat?2. Waarin het hulle volhard? (vers 42)3. Wat beteken dit om in die leer van die apostels te volhard? (vers 42)4. Wat behels die gemeenskap waarin hulle volhard het? (vers 42) |
|---|

Die **drie duisend nuwe bekeerlinge** sowel as die ander **honderd en twintig gelowiges** het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap. Hierdie gelowiges het verstaan dat die bekering en doop slegs die begin was van 'n

lewenslange verhouding met die Here. Daarom volhard hulle in twee dinge **in die leer van die apostels en in die gemeenskap.**

Om **in die leer van die apostels** te volhard beteken dat die gelowiges hulle laat leer het deur die apostels. Hulle was ywerig om nog meer in verband met Jesus Christus te leer. Dit beteken verder dat die gelowiges hulle ook aan die onderrig van die apostels onderwerp het – hulle was gehoorsaam aan die onderrig wat hulle ontvang het. Hierdie gelowiges het die onderrig van die apostels as die gesagvolle woorde van die Here self aanvaar. Die kerk van vandag behoort ook te volhard in die leer van die apostels soos wat die Heilige Gees dit in die Nuwe Testament opgeteken het (Efes 2:20).

Die gemeenskap waarin die gelowiges volhard het **behels die breking van brood en gebed.** Die gemeenskap waarin die gelowiges volhard het was dus nie maar net 'n blote gesellige saamwees nie. Hulle gemeenskap het twee besondere eienskappe gehad – hulle het brood gebreek en gebed.

Baie verklaarders verstaan onder die breking van brood dat die gelowiges gereeld nagmaal gevier het. In die konteks van die hele gedeelte (vers 42 tot 47) blyk dit dat die breking van brood meer as net die nagmaal behels. Hulle het gemeenskaplike maaltye gehad waar hulle dan hulle kos met mekaar gedeel het (vgl. vers 44 en 46). Uit ander Skrifgedeeltes blyk dit tog dat die begrip breking van brood na 'n gewone maaltyd verwys (Luk 24:30, 35; Hand 20:11; 27:35) sowel as na die nagmaal (Luk 22:19; 1 Kor 10:16; 11:24).

Hulle volharding in gebed het beteken dat hulle God in gebed gedank en geloof het, maar dat hulle ook Hom aangeroop het om leiding vir die daaglikse lewe as gelowiges en geloofsgemeenskap. Aan die hand van vers 42 sien 'n mens dat die gelowiges hulle onderwerp het aan die leer en dit loop uit op die gemeenskap wat hulle met mekaar gehad het deur mekaar te ondersteun en by te staan. Hulle het op mekaar ag gegee om nie van die Here te vergeet nie en om aanhoudend tot die Here te roep in gebed.

5. Waarom het daar vrees op elkeen gekom het? (vers 43)

6. Hoekom het daar wonders en tekens deur die apostels plaasgevind? (vers 43)

Die **vrees** wat op elkeen gekom het, is nie angs nie, maar eerder ontsag. Uit die konteks en veral na aanleiding van die vorige vers het daar ontsag oor die gelowiges gekom oor wat hulle gehoor het die apostels hulle geleer het. Die leer van die apostels behels immers die hele raad van God. Daarom is dit te verstane dat die regverdigheid en genade van God, soos dit in Jesus Christus tot openbaring gekom het, sou ontsag by die gelowiges gewek het. Hulleself is tog getuie van die werk van die Here wat Hy deur sy Gees en met sy Woord in hulle lewens gedoen het. En hulle het gesien hoe die Here daagliks nog bekeerlinge tot die gemeente voeg (Hand 2:47).

Hulle is ook met ontsag vervul oor die wonders en tekens wat deur die apostels gedoen is. Die Here bevestig sy Woord aan die mense deur die groot werk wat Hy deur sy apostels verrig. Ook die verhoring van hulle gebede sou hulle met ontsag vervul het.

In sy prediking aangaande Jesus het Petrus gesê dat God wonders en tekens deur Jesus gedoen het (Hand 2:22). Hier in vers 43 gebruik Lukas dieselfde woorde wat ons vertaal met **wonders en tekens**. Alhoewel Jesus na die hemel opgevaar het, gaan Hy steeds voort om op die aarde te werk. Die apostels is die instrumente van die Here Jesus deur wie Hy die wonders en tekens doen. Met die wonders en tekens bevestig Jesus die woorde wat die apostels dan ook preek (Heb 2:4).

Afgesien van die bekering van hierdie drie duisend en meer mense – wat alreeds 'n wonder en teken van die Here se werk is – is hulle gemeenskap en opofferende gesindheid teenoor mekaar net so 'n groot wonder en teken van die werk van die Heilige Gees in hulle lewens. Indien hulle gemeenskap met mekaar net eenmalig was, sou 'n mens dit nog toeskryf aan 'n emosionele opwelling na aanleiding van die prediking van Petrus. Maar die feit dat hulle in gemeenskap volhard het, wys daarop dat die Here inderdaad kragtig in hulle aan die werk is.

Dit is tog opmerklik dat die Heilige Gees nie baie wonders en tekens wat deur die apostels gedoen is, beskryf nie. Daar word wel tot en met Handeling 15 melding gemaak dat wonders en tekens deur die apostels gedoen is. Dit is egter net enkele wonders en tekens wat beskryf word – die genesing van die verlamde man in Handeling 3, die dood van Ananias en Saffira in Handeling 5, die genesing van Eneas en die opwekking van Tabita in Handeling 9, Petrus se bevryding uit die tronk en die dood van Herodes – hoewel die apostels niks self gedoen het nie – in Handeling 12. Die sporadiese genesing wonders en die al minder word daarvan, laat 'n mens nogal wonder oor die sogenaamde genesingsdienste wat gereeld deur predikers van vandag gedoen word. Die grootste wonder dat 'n ongelowige gelowig kan word, word die meeste kere nie raakgesien nie omdat mense van oordeel is dat hulleself vir die Here gekies het en so tot geloof gekom het.

7. Waarom sou al die gelowiges bymekaar wees? (vers 44)
8. Hoekom het hulle alles gemeenskaplik besit? (vers 44)
9. Wat het die gemeenskaplike besit behels? (vers 45)
10. Kan 'n mens hierdie lewenswyse van die Christene beskou as 'n vroeë vorm van sosialisme of selfs kommunisme? (vers 44-45)

Wanneer Lukas skryf dat **al die gelowiges bymekaar was** beskryf hy nie meer dit wat op die Pinksterdag gebeur het nie. Vanaf vers 42 word eerder beskryf wat het gebeur in die dae en weke en maande na die uitstorting van die Heilige Gees (vgl. Hand 2:46-47). Dus kan 'n mens verstaan dat die gelowiges dag na dag in mekaar se geselskap was. Hulle was voortdurend onder die onderrig van die apostels en hulle het volhard in die gemeenskap. Tot 'n groot mate het hulle hulleself van die ander mense afgesonder om 'n eie gemeenskap te vorm.

Op een dag het die Here drie duisend mense tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring. En daagliks het die Here nog bekeerlinge tot die getal gelowiges gevoeg (Hand 2:47). Skielik het die getal gelowiges van honderd en twintig tot ver oor die drie duisend gegroei. Baie van hierdie gelowiges was uit ander wêreld dele (vgl. Hand 2:9-11). Hulle was dus ver van hulle huise, werke en besittings. Menige van hulle sou ook nie werk daar in Jerusalem gehad het nie. Dus is dit te verstane

dat die gelowiges in hierdie vroeë dae van die kerk **alles gemeenskaplike besit het**.

Dit was die geaardheid van godsdienstige Jode om gasvryheid te beoefen. Hierdie geaardheid sou in die Christelike gemeenskap voortgesit word, aangesien hulle nou 'n afsonderlike gemeenskap gevorm het. En ter wille van hulle groei in kennis van Jesus Christus en God die Vader sou baie van hierdie nuwe bekeerlinge uit ander wêreld dele vir 'n wyle in Jerusalem vertoef het om te kan groei in hulle geloof. Daarom was dit noodsaaklik om alles gemeenskaplik te besit.

Die **gemeenskaplike besit van alles het verder behels** dat die gelowiges hulle eiendomme en besittings verkoop het. Die opbrengs van hierdie verkope is onder die gelowiges verdeel volgens elkeen se behoefte. Daar het 'n duidelike swaai in hierdie gelowiges gekom. Alle mense is van nature geneig om goed bymekaar te maak en te wil hê. Vir hierdie gelowiges het Jesus Christus baie meer beteken as die besit van eiendom. Daarom het hulle maklik daarvan afstand gedoen ter wille van die behoud van ander gelowiges. Die offer van Jesus Christus het hulle geleer om opofferend te lewe.

Daar is sommige mense wat in hierdie vroeë stadium van die kerk se lewe in Jerusalem trekke sien van **sosialisme**. Hulle wat so argumenteer is inderwaarheid besig om die hedendaagse tendense te verplaas na die gemeente van destyds. Uit die konteks word dit duidelik dat die gelowiges weens die omstandighede, soos hierbo beskryf, daartoe genoodsaak was om hulle besittings gemeenskaplik te besit.

Onthou 'n mens ook dat Jerusalem 'n stad van deurgang was en 'n stad waarheen mense graag gestroom het, dan besef 'n mens dat daar voortdurend mense uit ander wêreld dele daarin teenwoordig was. En indien die evangeliserende werk vanuit die gemeente voortgegaan het, was daar voortdurend nuwe bekeerlinge wat ook vir 'n tyd lank in Jerusalem vertoef het. Dit het die noodsaak vir die gemeenskaplike besit vergroot.

Hierdie gemeenskaplike besit word nêrens anders in die Nuwe Testament verkondig nie. Mededeelsaamheid word verkondig sowel as gasvryheid, maar nie op die skaal wat dit in Jerusalem plaasgevind het nie. Trouens na Handeling 5 hoor ons nie

verder van hierdie hierdie gemeenskaplike besit nie. Boonop het hierdie toedrag van sake veroorsaak dat die gemeente in Jerusalem hulpbehoewend geword het, sodat daar later uit ander gemeentes voorsorg getref moes word vir die lewensonderhoud van die gelowiges daar.

11. Hoe moet 'n mens verstaan dat hulle dag vir dag eendragtig in die tempel volhard het? (vers 46)
12. Wat moet ons verstaan as hulle van huis tot huis brood gebreek het? (vers 46)
13. Wat word bedoel met hulle *voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet?* (vers 46)

Die gelowiges het **dag vir dag eendragtig volhard in die tempel**. Uit hierdie woorde word dit duidelik dat hierdie gelowiges nie net een dag in die week as 'n besondere dag beskou het waarop hulle gelowig gewerk het nie. Dit is iets wat elke dag gebeur het. 'n Verhouding met die Here wat verinnig is deur die verlossingswerk van Jesus Christus neem 'n mens se ganse lewe van elke dag in beslag.

Die gelowiges almal saam het een doel voor oë gehad, want hulle is deur een Gees vervul. Hierdie een doel wat hulle gehad het, was om die Here te verheerlik. Nou wil dit vreemd voorkom dat hulle eendragtig in die tempel volhard het. Dit behoort nie so vreemd te wees nie. Ons moet onthou dat die gelowiges in hierdie stadium Jode en Jodegenote was. Voor hulle bekering was hulle ernstig in hulle verhouding met die Here en het daarom die tempel gereeld besoek. Na hulle bekering besoek hulle steeds die tempel, maar om 'n ander rede as voorheen. Nie meer om aan die offers deel te neem nie, maar om hulle tyd en energie te offer aan die Here deur nog meer mense van God se groot daad in Christus te vertel.

Hierdie optrede van die gelowiges stem ooreen met die optrede van die apostels op die dag van die hemelvaart. Nadat die apostels die Here Jesus in die hemel sien opvaar het, het hulle met blydskap na die tempel gegaan en God geprys (vgl. Luk 24:53). Dit is immers wat hierdie gelowiges ook gedoen het – hulle het God geprys (Hand 2:47).

Hierbo by vers 42 is reeds opgemerk dat die begrip **breking van brood** nie net op die nagmaalviering slaan nie. Die gelowiges het gereeld by mekaar aan't huis gekom om brood te breek. Dat hulle in die huise vergader het, is te verstane omdat daar tot in hierdie stadium nie so iets soos kerkgeboue was soos wat ons dit nou ken nie. Daarom het hulle in die huise bymekaar gekom as gemeente of as deel van die gemeente. In hierdie samekomste kon daar prediking en onderrig plaasgevind het en ook nagmaal gevier wees.

Uit die direkte konteks blyk dit dat die breking van brood ook verwys na die gemeenskaplike maaltye wat hulle saam geniet het, want hulle het hulle voedsel met blydschap en eenvoudigheid van hart geniet. Hulle het immers gemeenskaplik besit en na mekaar omgesien. Die gemeenskaplike maaltye was deel van hierdie gemeenskaplike besit.

Dat hulle hulle **voedsel met blydschap en eenvoudigheid van hart geniet het** wys daarop dat die gelowiges dankbaar was oor die versorging wat hulle gehad het. Hulle het geweet dat die versorging wat hulle het uit die hand van die Here kom wat Hy op welke wyse ook al aan hulle voorsien het. Daarom het hulle hulle voedsel met blydschap geniet.

Die woord wat ons met *eenvoudigheid* vertaal kan goedsikks ook met *enkelvoudigheid* vertaal word. Dan word met enkelvoudigheid bedoel dat hulle hart dieselfde blydschap gedra het wat hulle uiterlik ook vertoon het. Maar dit sien ook op die enkelvoudigheid onder die gelowiges wat saam geëet het. Almal saam het hulle voedsel met blydschap geniet omdat almal saam geweet het dit is die Here se versorging aan hulle. Die gesamentlike ete was ook uitdrukking van hulle eenheid onder mekaar as gelowiges en verlostes van Jesus Christus.

14. Hoekom was hulle in guns by die hele volk? (vers 47)
15. Kan 'n mens uit vers 44 tot 47 aflei dat die gelowiges hulle daaglikse werk laat vaar het in die lig van die versorging wat later nodig was in Jerusalem (vgl. Hand 11:27-30; 1 Kor 16:1-4)?
16. Hoe gereeld het die gemeente in Jerusalem gegroei? (vers 47)

Soos aan die begin van Jesus se openbare optrede, so was dit ook aan die begin van die kerk in die Nuwe Testament se bestaan. Aanvanklik kon die priesters en owerhede niks aan Jesus doen nie, want Hy was in guns by die volk (Luk 2:52; 19:48). In die begin dae van die kerk was die gelowiges ook **in guns by die volk**. Dit was moontlik as gevolg van die onderlinge verbondenheid en liefde wat van die gelowiges uitgegaan het, wat veroorsaak het dat die kerk in guns by die volk was. Ook die feit dat die kerk God geprys het – dieselfde God wat deur die volk gedien word, alhoewel sonder begrip van Jesus se plek en werk – sou gemaak het dat die volk die gelowiges gunstig gesind wees. Die Here het juis hierdie guns wat die gelowiges van die volk geniet het tot voordeel van sy kerk en apostels gebruik (vgl. Hand 4:21).

Na aanleiding van die verklaring in verband met die gemeenskaplike besit (Hand 2:45) hierbo, sou dit onregverdig wees om aan te neem dat die gelowiges of sommige van hulle **hulle daaglikse werk laat vaar het**. Die nood wat in die gemeente in Jerusalem ontstaan het, blyk eerder toegeskryf te word aan die groot aantal mense wat na Jerusalem gekom of daardeur gegaan het aan wie die gelowiges die evangelie verkondig het. En nadat die Here van hierdie mense tot bekering gebring het, het hulle 'n tyd lank in Jerusalem vertoef sodat hulle in hulle geloof gegroei het.

Die nood wat in Jerusalem ontstaan het, sou ook toegeskryf kon word aan die gelowiges se onoordeelkundige manier van hantering van die middele wat tot hulle beskikking was. Ten opsigte hiervan het die apostels nog nie behoorlike leiding aan die gemeente gegee nie. Ons weet wel dat Paulus in sy prediking aandag gegee het aan hierdie verantwoordelikheid van die gelowige – 'n gelowige het nog sy daaglikse werk wat hy doen sodat hy nie 'n las sal wees vir ander nie (vgl. Hand 20:33-35; 2 Tess 3:6-15).

Deur middel van die volharding van die gelowiges in die leer van die apostels, die gemeenskap, die breking van brood en gebede, het die Here **daaglik by die gemeente gevoeg** die wat gered is.

Die groei van die kerk was in die eerste plek die Here se werk. Hy het die verlostes by die getal van die gelowiges van die gemeente gevoeg. Maar Hy het dit gedoen deur middel van die kerk. Hulle het die groot daad van God vertel en geleef. Evangelisasie was dus nie 'n aksie van 'n klompie gelowiges nie wat so af en toe gedoen is nie. Dit was die durende werk van die gelowiges saam. Dit is ook opmerklik dat die gemeente se getalle nie maar net gegroei het met mense nie, maar met die wat gered is. Daar is nie mense wat net in naam gelowiges was nie. Die Here voeg geredde mense by sy gemeente.

4.2 Samevatting

In hierdie laaste ses verse van Handeling 2 beskryf Lukas die lewe van die kerk in Jerusalem. Die gelowiges het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap. Die tot bekering kom en glo in Jesus Christus was net die begin van 'n lewenslange groei-proses van die gelowiges. En die leer van die apostels het uitgeloop op die uitleef van hulle geloof onder mekaar.

Handelinge vertel hoe die Here Jesus sy werk voortsit vanuit die hemel. Deur sy apostels gebeur daar wonders en tekens wat die gelowiges met ontsag vervul. Van al die wonders en tekens wat plaasgevind het, is die bekering van ongelowiges steeds van die grootste wonder wat die Here ooit doen. Selfs vandag mag dit nie uit die oog verloor word nie.

Uit die konteks word die noodsaak van die gemeenskaplike besit van die gelowiges duidelik. Mense uit ander wêrelddele het gelowig geword en na alle waarskynlikheid vir 'n tydperk in Jerusalem vertoef sodat hulle in die geloof kon groei. Dit het beteken dat hulle ver van hulle huise en werkplekke was en ook nie noodwendig werk in Jerusalem gehad het nie. Hierdie toedrag van sake het op die langer termyn veroorsaak dat Jerusalem se gemeente gehelp moes word deur ander kerke. Ons het dus nie met 'n vroeë vorm van sosialisme hier te doen nie.

Volgens hulle gewoonte het die gelowiges steeds na die tempel opgegaan. Nou nie meer om deel te hê aan die offers wat daar gebring is nie, maar om God te prys. Verder het hulle gereeld aan't huis bymekaar gekom waar daar eredienste gehou is, nagmaal gevier is en hulle gemeenskaplike maaltye geniet het.

Deur middel van die gehoorsame lewe van sy kerk het die Here daaglik nuwe bekeerlinge by die getal van sy kerk gevoeg.